4.9.2 Place the abdominal insert on a rigid block that has the same length and width as the lumbar spinal column. Ensure that the thickness of this block is at least twice the thickness of the lumbar spinal column (see figure 9).

4.9.3 Apply an initial load of 20 N.

4.9.4 Apply a constant load of 50 N.

4.9.5 Ensure that the deflection of the abdominal insert after two minutes under the constant load is

- 11,5 mm \pm 2,0 mm for the 9 months manikin;
- 11,5 mm \pm 2,0 mm for the 3 years manikin;
- 13,0 mm \pm 2,0 mm for the 6 years manikin; and
- 13,0 mm \pm 2,0 mm for the 10 years manikin.



Drg.8585/E

Figure 9

5 Instrumentation

5.1 General

5.1.1 The calibration and measuring procedures shall be based on a suitable procedure (see note to clause 2 of annex 7 to this specification).

5.2 Installation of the accelerometer in the chest

Mount the accelerometer in the protected cavity in the chest.

5.3 Indication of abdominal penetration

5.3.1 Connect a sample of modelling clay vertically to the front of the lumbar vertebrae by means of thin adhesive tape.

5.3.2 Note that a deflection of the modelling clay does not necessarily mean that penetration has taken place.


5.3.3 The modelling clay samples shall be of the same length and width as the lumbar spinal column; the thickness of the samples shall be $25 \text{ mm} \pm 2 \text{ mm}$.

5.3.4 Use only the modelling clay that is supplied with the test manikins.

5.3.5 Ensure that the temperature of the modelling clay during the test is $30 \text{ }^{\circ}\text{C} \pm 5 \text{ }^{\circ}\text{C}$.

Annex 8 — Appendix

Exploded view of the manikin



1	2	3
Part No.	Description	Number
1	Head	1
2	Neck elements	5
3	Neck core elements (polyamide)	6
4	Atlas-axis block	1
5	Transducer mounting block	1
6	Transducer mounting block attachment bolt	2
7	Head bolt	1
8	Nut	1
9	Washer	4
10	Upper torso	1
11	Shoulder-joint ball	2
12	Shoulder-joint socket half	2
13	Adjustment bolt for shoulder joint	4
14	Spring washer	4
15	Upper arm left	1
16	Upper arm right	1
17	Forearm left	1
18	Forearm right	1
19	Elbow-hinge bolt	2
20	Elbow-hinge nut	2
21	Lumbar vertebrae	5
22	Spine cable	1
23	Lower torso	1
24	Adjustment nut for neck	1
25	Adjustment nut for lumbar vertebrae	1
26	Washer	3
27	Spring	1
28	Abdominal insert	1
29	Hip-joint ball	2
30	Hip-joint adjustment nut	2
31	Upper leg left	1
32	Upper leg right	1
33	Lower leg left	1
34	Lower leg right	1
35	Knee hinge bolt	2
36	Knee hinge nut	2
	Accessories (not shown)	
37	Modelling clay	1
38	Jacket	1
39	Trousers, pair of	1

Annex 9

Frontal impact test against a barrier

1 Installations, procedure and measuring instruments

1.1 Testing ground

The test area shall be large enough to accommodate the run-up track, barrier and technical installations necessary for the test. The last part of the track, for at least 5 m before the barrier, shall be horizontal, flat and smooth.

1.2 Barrier

The barrier shall consist of a block of reinforced concrete not less than 3 m wide at the front and not less than 1,5 m high. The barrier shall be of such thickness that its mass is at least 70 000 kg. The front face shall be vertical, perpendicular to the axis of the run-up track, and covered with plywood boards of thickness $20 \text{ mm} \pm 1 \text{ mm}$ and in good condition. The barrier shall be either anchored in the ground or placed on the ground with, if necessary, additional arresting devices to limit its displacement. A barrier with different characteristics, but that gives results at least as conclusive, may likewise be used.

1.3 Propulsion of the vehicle

At the moment of impact, the vehicle shall no longer be subjected to the action of any additional steering or propelling device or devices. It shall reach the barrier on a course perpendicular to the front face of the barrier; the maximum lateral misalignment permitted between the vertical median line of the front of the vehicle and the vertical median line of the barrier shall be $\pm 300 \text{ mm}$.

1.4 State of the vehicle

1.4.1 The vehicle under test shall either be fitted with all the normal components and equipment the mass of which is included in its unladen service mass or be in such a condition as to fulfil this requirement in so far as the components and equipment of concern to the passenger compartment and the distribution of the service mass of the vehicle as a whole are concerned.

1.4.2 If the vehicle is driven by external means, the fuel installation shall be filled to at least 90 % of its capacity, either with fuel or with a non-flammable liquid, that has a density and a viscosity close to those of the fuel normally used. All other systems (brake-fluid containers, radiators, etc.) shall be empty.

1.4.3 If the vehicle is driven by its own engine, the fuel tank shall be at least 90 % full. All other liquid-holding tanks shall be filled to capacity.

1.4.4 If the manufacturer so requests, the testing authority responsible for conducting the tests may allow the same vehicle as is used for tests prescribed by other specifications (including tests capable of affecting its structure) to be used for the tests prescribed by this specification.

1.5 Impact velocity

The impact velocity shall be $50 \text{ km/h} \pm \frac{0}{2} \text{ km/h}$. However, if the test has been carried out at a higher impact velocity and the vehicle has satisfied the conditions prescribed, the test shall be considered satisfactory.

1.6 Measuring instruments

The instrument used to record the velocity referred to in 1.5 above shall be accurate to within 1 %.

Annex 10

Rear impact test procedure

1 Installations, procedures and measuring instruments

1.1 Testing ground

The test area shall be large enough to accommodate the propulsion system of the impactor and to permit after-impact displacement of the impacted vehicle and installation of the test equipment. The part in which vehicle impact and displacement occur shall be horizontal. (The slope shall be less than 3 %, measured over any length of 1 m.)

1.2 Impactor

1.2.1 The impactor shall be of steel and of rigid construction.

1.2.2 The impacting surface shall be flat and at least 2 500 mm wide and 800 mm high. Its edges shall be round to a radius of curvature of between 40 mm and 50 mm. It shall be clad with a layer of plywood of thickness $20 \text{ mm} \pm 1 \text{ mm}$.

1.2.3 At the moment of impact, the following requirements shall be met:

1.2.3.1 The impacting surface shall be vertical and perpendicular to the median longitudinal plane of the impacted vehicle.

1.2.3.2 The direction of movement of the impactor shall be substantially horizontal and parallel to the median longitudinal plane of the impacted vehicle.

1.2.3.3 The maximum lateral deviation permitted between the median vertical line of the surface of the impactor and the median longitudinal plane of the impacted vehicle shall be 300 mm. In addition, the impacting surface shall extend over the entire width of the impacted vehicle.

1.2.3.4 The ground clearance of the lower edge of the impacting surface shall be $175 \text{ mm} \pm 25 \text{ mm}$.

1.3 Propulsion of the impactor

The impactor shall either be secured to a carriage (moving barrier) or form part of a pendulum.

1.4 Special provisions applicable where a moving barrier is used

1.4.1 If the impactor is secured to a carriage (moving barrier) by a restraining element, the latter shall be rigid and incapable of being deformed by the impact; the carriage shall, at the moment of impact, be capable of moving freely, shall no longer be subject to the action of the propelling device, and shall have a velocity of between 30 km/h and 32 km/h.

1.4.2 The combined mass of carriage and impactor shall be $1\,100 \text{ kg} \pm 20 \text{ kg}$.

1.5 Special provisions applicable where a pendulum is used

1.5.1 The distance between the centre of the impacting surface and the axis of rotation of the pendulum shall be not less than 5 m.

1.5.2 The impactor shall be freely suspended by rigid arms, rigidly secured to it. The pendulum so constituted shall be substantially incapable of being deformed by the impact.

1.5.3 A stopping device shall be incorporated in the pendulum, to prevent any secondary impact by the impactor on the test vehicle.

1.5.4 At the moment of impact, the velocity of the centre of percussion of the pendulum shall be between 30 km/h and 32 km/h.

1.5.5 The reduced mass " m_r " at the centre of percussion of the pendulum is defined as a function of the total mass " m ", of the distance a^2) between the centre of percussion and the axis of rotation, and of the distance " l " between the centre of gravity and the axis of rotation, by the following equation:

$$m_r = m.l/a$$

1.5.6 The reduced mass " m_r " shall be 1 100 kg \pm 20 kg.

1.6 General provisions relating to the mass and velocity of the impactor

If the test has been conducted at an impact velocity higher than that prescribed in 1.4.1 or 1.5.4 (as applicable) of this annex, or with a mass greater than that prescribed in 1.4.2 or 1.5.6 (as applicable) of this annex, or with both a higher velocity and a greater mass than those prescribed, and the vehicle has met the requirements prescribed, the test shall be considered satisfactory.

1.7 State of the vehicle during the test

The vehicle under test shall either be fitted with all the normal components and equipment the mass of which is included in its unladen service mass or be in such condition as to fulfil this requirement in so far as the distribution of the service mass of the vehicle as a whole is concerned.

1.8 The complete vehicle with the child restraint installed in accordance with the fitting instructions shall be placed on a hard, flat and level surface, with the handbrake off and in neutral gear. More than one child restraint may be tested in the same impact test.

2) The distance " a " is equal to the length of the synchronous pendulum under consideration.


Annex 11

Additional anchorages required for attaching child restraints of the semi-universal category to motor vehicles

- 1** This annex applies only to the additional anchorages for attaching child restraints in the "semi-universal" category or to bars and other special items used to secure child-restraining devices to the bodywork, whether or not they make use of the said SABS 1430 (see 2.14.1 of this specification) anchorages.
- 2** The anchorages shall be determined by the manufacturer of the child restraint, in agreement with the vehicle manufacturer, and details shall be submitted for approval to the testing authority conducting the tests. The testing authority may take into account information obtained from the vehicle manufacturer.
- 3** The manufacturer of the child restraint shall provide the necessary parts for fitting the anchorages and a special plan for each vehicle, showing their exact location.
- 4** The user shall be responsible for fitting the anchorages to the vehicle in accordance with the instructions provided by the manufacturer of the child restraint.

Annex 12**Chair**


Dimensions in millimetres



Annex 13

Standard seat belt

- 1** The seat belt shall be made to the configuration shown in figure 1 and shall meet the dynamic test requirements of the said SABS 1080 (see 7.2.1.1 of this specification), without preconditioning.
- 2** The width of the straps under a load of 8,8 kN shall be not less than $48 \text{ mm} \pm 2 \text{ mm}$.
- 3** The elongation of the straps under a further load of 8,8 kN, after a preloading of 0,2 kN shall be $(12 \pm 1) \%$.
- 4** The elongation of the straps under a further load of 5,5 kN, after a preloading of 0,2 kN, shall be $(6 \pm 1) \%$.
- 5** If necessary, a two-point standard belt may be used that consists of two standard anchorage plates (as shown in figure 2 of this annex) and a strap that fulfils the abovementioned requirements. This seat belt shall meet the dynamic test requirements of the said SABS 1080 (see 7.2.1.1 of this specification), without preconditioning.



* To reduce the risk of the webbing's being cut at the tongue position.




Figure 1 — Standard belt configuration

Dimensions in millimetres








Figure 2 — Typical standard anchorage plate



Drg. 14170-EC



Drg. 14170aEC

Figure 3 — Central part of the standard belt configuration

Annex 14

Description of "newborn" test manikin

The manikin comprises a head, torso, arms and legs as a single unit. The torso, arms and legs are a single moulding of sorbothane-type material covered with a PVC skin and containing a steel spine. The head is a polyurethane foam moulding covered by a PVC skin and is permanently attached to the torso. The manikin is provided with a close-fitting stretch cotton/polyester suit.

The dimensions and mass distribution of the manikin are based on those of a 50th percentile newborn baby and are given in tables 1 and 2 and in figure 1.

Table 1 — Principal dimensions of the "newborn" test manikin

1	2	3	1	2	3
	Dimensions	mm		Dimensions	mm
A	Rump - Crown	250	F	Chest width	105
B	Rump - Sole (with straight	105	G	Chest depth	100
C	leg)	125	H	Hip width	105
D	Head width	150	I	C of G from top to head	235
E	Head depth				
	Shoulder width				

Table 2 — Mass distribution of the "newborn" manikin*

1	2
Head and neck	0,7 kg
Torso	1,1 kg
Arms	0,5 kg
Legs	1,1 kg
Total mass	3,4 kg
* The thickness of the PVC skin should be $1 \text{ mm} + 0,5 \text{ mm}$, and to specific gravity should be $0,865 \pm 0,1$.	

Calibration of "newborn" manikin

1 Shoulder stiffness

1.1 Place the manikin on its back on a horizontal surface and support the torso on one side, to prevent movement (see figure 2).

1.2 Apply a load of 150 N, on a 40 mm diameter flat-faced plunger, horizontally, in a direction perpendicular to the manikin's superior-inferior axis. The axis of the plunger should be on the centre of the manikin's shoulder and adjacent to point A on the shoulder (see figure 2). The lateral deflection of the plunger from the point of first contact with the arm should be between 30 mm and 50 mm.

1.3 Repeat on the opposite shoulder — reversing the support.

2 Leg joint stiffness

2.1 Place the manikin on its back on a horizontal plane (see figure 3) and strap the two lower legs together, bringing the inside of the knees into contact.

2.2 Apply a vertical load over the knees with a 35 mm x 95 mm flat-faced plunger, with the centre-line of the plunger over the highest point of the knees.

2.3 Apply sufficient force to the plunger to bend the hips until the face of the plunger is 85 mm above the support plane. This force should be between 30 N and 70 N. Ensure that the lower limbs do not contact any surface during the test.

3 Temperature

Calibration should be carried out of a temperature between 15 °C and 30 °C.




Figure 1




Figure 2




Figure 3

Annex 15

Explanatory notes

The explanatory notes given in this annex concern difficulties with interpretation. They are meant as a guide for the testing authority.

Subsection 2.19.2: A semi-universal restraint specified for fitting to the rear seat in both a saloon and an estate type vehicle in which the entire belt assembly is identical, is one "type".

Subsection 2.19.3: The significance of changes in the dimensions or mass (or both) of the seat, padding or impact shield and the energy-absorbing characteristics or colour of the material are to be considered when deciding whether a new type has been created.

Subsection 2.19.4 and 2.19.5: These subsections shall not apply to any safety belts that have been separately approved in accordance with SABS 1080 and that are necessary to anchor the child restraint to the vehicle or to restrain the child.

Subsection 6.2.4: This shall be assessed by examination of the high-speed film results where visible penetration of the abdomen by any part of the restraint, or riding up of any lap strap onto the chest, shall constitute a failure. (Twisting of the manikin out of the shoulder strap before the point of maximum displacement shall itself also be considered as a failure, but at the manufacturer's request, two further tests may be performed with the appropriate manikin. All test requirements shall be met in full during these tests.)

Subsection 7.1.4.3.1: "Visible signs of penetration" means penetration of the clay by the abdominal insert (under pressure from the restraint) but not bending of the clay without compression in a horizontal direction as, for instance, is brought about by simple bending of the spine. (See also the interpretation of 6.2.4.)

Subsection 7.2.1.5: The first sentence is complied with if the hand of the manikin could reach the buckle.

Subsection 7.2.2.1: This shall be used to ensure that separately approved guide-straps are easily attached and detached.

Subsection 7.2.4.1.1: Two straps are required. Measure the breaking load of the first strap. Measure the width of the second strap at 75 % of this load.

Subsection 8.1.2.2: "Fastened to the seat" means the test seat as prescribed in annex 6. "Specific vehicles may" means that a "specific" restraint would normally be tested for overturning when installed in the test seat, but that testing in the vehicle seat was allowed.

Subsection 8.2.2.1.1: "Having regard for the normal conditions of use" means that this test should be performed with the restraint mounted on the test seat or vehicle seat, but without the manikin.

The manikin shall be used only to position the adjusting device. In the first instance, the straps should be adjusted in accordance with 8.1.3.6.3.2 or 8.1.3.6.3.3 (whichever is appropriate). The test should then be conducted after removal of the manikin.

Subsection 8.2.5.2.6: This subsection shall not apply to guide straps that are approved separately under this specification.

No. R 642

2 Mei 1997

WET OP STANDAARDE, 1993

WYSIGING VAN DIE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR KINDERKEERTOESTELLE VIR GEBRUIK IN MOTORVOERTUIE

Ek, Alec Erwin, Minister van Handel en Nywerheid, wysig hierby, kragtens artikel 22 (1) (a) (ii) van die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993), en op aanbeveling van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, die verpligte spesifikasie vir kinderkeertoestelle vir gebruik in motorvoertuie, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 238 van 14 Februarie 1986, deur, met ingang van die datum twee maande na die datum van hierdie kennisgewing, die bestaande verpligte spesifikasie in te trek en te vervang deur die verpligte spesifikasie in die Bylae vervat.

A. ERWIN**Minister van Handel en Nywerheid**

BYLAE

WYSIGING VAN DIE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR KINDERKEERTOESTELLE VIR GEBRUIK IN MOTORVOERTUIE

1 Bestek

Hierdie spesifikasie is van toepassing op kinderkeertoestelle wat geskik is vir installering in kraggedrewe voertuie wat drie of meer wiele het en aan die vereistes van SABS 1429:1987, *Motorvoertuig-veiligheidspesifikasie vir sterkte van sitplekke en hul verankerings* en SABS 1430:1987, *Motorvoertuig-veiligheidspesifikasie vir verankerings vir keertoestelle in motorvoertuie* voldoen en wat nie vir gebruik met vousitplekke (opklapsitplekke) of met sywaarts gerigte sitplekke bedoel is nie.

OPM

1 Hierdie veiligheidspeisifikasie is gegrond op ECE-regulasie No 44 van 22 Januarie 1981, *Uniform provisions concerning the approval of restraining devices for child occupants of power-driven vehicles ("Child restraints")*, met inbegrip van

Hersiening 1/Addendum 43/Wysiging 1 van 16 November 1982,
Hersiening 1/Addendum 43/Wysiging 1/Corrigendum 1 van 19 Maart 1984,
Hersiening 1/Addendum 43/Wysiging 2 van 18 April 1986,
Hersiening 1/Addendum 43/Wysiging 3 van 15 Desember 1987,
Hersiening 1/Addendum 43/Wysiging 4 van 16 Februarie 1989,
Hersiening 1/Addendum 43/Wysiging 4/Corrigendum 1 van 9 Oktober 1992,
Hersiening 1/Addendum 43/Wysiging 5 van 17 April 1991, en
Hersiening 1/Addendum 43/Corrigendum 1 van 9 Oktober 1992.

2 Vir maklike kruisverwysing is die nommeringstelsel wat in die ECE-regulasie gebruik word, behou. Die teks van die klousules/subklousules wat nie op Suid-Afrikaanse toestande van toepassing is nie, is geskrap en deur die woord "Gereserveer" vervang.

2 Woordbepaling

Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

2.1 kinderkeerstelsel; keertoestel: 'n Samestel van komponente wat uit 'n kombinasie van bande of buigsame komponente met 'n vasmaakgespe, verstellers, hegstukke en, in sommige gevalle, 'n bykomende toestel soos 'n drawieg, 'n babadraer, 'n bykomende stoel of 'n slagskerm of albei kan bestaan en wat in 'n kraggedrewe voertuig veranker kan word. Dit is só ontwerp dat dit die gevaar van besering van die draer in die geval van 'n botsing of skielike spoedvermindering van die voertuig sal verminder deur die beweegbaarheid van die draer se liggaam te beperk.

2.1.1 Kinderkeertoestelle word in vier massagroepe ingedeel:

2.1.1.1 Groep 0 vir kinders met 'n massa van minder as 10 kg;

2.1.1.2 Groep I vir kinders met 'n massa van 9 kg tot 18 kg;

2.1.1.3 Groep II vir kinders met 'n massa van 15 kg tot 25 kg;

2.1.1.4 Groep III vir kinders met 'n massa van 22 kg tot 36 kg.

2.1.2 Kinderkeertoestelle word in drie kategorieë ingedeel:

2.1.2.1 'n Universele kategorie vir gebruik in alle tipes voertuie;

2.1.2.2 'n Semi-universele kategorie vir gebruik in sekere gespesifiseerde tipes voertuie;

2.1.2.3 'n Voertuigspesifieke kategorie vir gebruik in een bepaalde tipe voertuig wat toegerus is met die verankerings wat deur die fabrikant van die voertuig of deur die fabrikant van die kinderkeerstelsel ontwerp is.

2.1.3 Kinderkeerstelsels word in twee klasse verdeel:

– 'n **Integrerende klas** wat uit 'n kombinasie van bande of buigsame komponente met 'n vasmaakgespe, 'n versteller, hegstukke en, in sommige gevalle, 'n bykomende stoel of 'n slagskerm of albei bestaan, wat deur sy eie integrerende band of bande veranker kan word;

– 'n **Nie-integrerende klas** wat uit 'n gedeeltelike keertoestel (kyk 2.1.3.1) kan bestaan wat, wanneer dit saam met 'n sitplekgordel vir volwassenes om die liggaam van die kind gaan of die toestel teëhou waarin die kind geplaas word, 'n volledige keerstelsel uitmaak.

2.1.3.1 gedeeltelike keertoestel: 'n Toestel soos 'n steunkussing (kyk 2.1.3.2) wat, wanneer dit saam met 'n sitplekgordel vir volwassenes om die liggaam van die kind gaan of die toestel teëhou waarin die kind geplaas word, 'n volledige keerstelsel uitmaak.

2.1.3.2 steunkussing: 'n Stewige kussing wat saam met 'n sitplekgordel vir volwassenes gebruik kan word en wat deur óf daardie sitplekgordel óf deur afsonderlike middele teëgehou word.

2.1.3.3 leiband: 'n Band wat die skouerband van die sitplekgordel vir volwassenes in 'n posisie hou wat die kind pas en waar die effektiewe posisie waarby die skouerband van rigting verander, verstel kan word deur middel van 'n toestel wat op en af met die band langs tot by die draer se skouer beweeg kan word en dan in daardie posisie gesluit kan word.

OPM – Hierdie leiband is nie bedoel om 'n beduidende deel van die dinamiese las te dra nie.

2.2 kinderveiligheidstoel: 'n Kinderkeertoestel wat 'n stoel insluit waarin die kind vasgehou word.

2.3 gordel: 'n Kinderkeertoestel wat uit 'n kombinasie van bande met 'n vasmaakgespe, verstellers en hegstukke bestaan.

2.4 stoel: 'n Struktuur wat 'n samestellende deel van die kinderkeertoestel is en bedoel is om 'n kind in 'n sitposisie te akkommodeer.

2.4.1 drawieg: 'n Keerstelsel wat bedoel is om die kind op die rug of op die maag liggend te akkommodeer en teë te hou, met die kind se ruggraat loodreg op die mediaanlangsvlak van die voertuig, en wat so ontwerp is dat in die geval van 'n botsing van voor of skielike spoedvermindering, die teëhoukragte oor die kind se kop en liggaam (uitgesonderd die ledemate) versprei sal word.

2.4.2 drawiegkeertoestel: 'n Toestel wat gebruik word om 'n drawieg teë te hou deur dit aan die voertuigstruktuur te bevestig.

2.4.3 babadraer: 'n Keerstelsel wat bedoel is om die kind in 'n agtertoe gerigte halfliggende posisie te akkommodeer en wat so ontwerp is dat in die geval van 'n botsing of skielike spoedvermindering, die teëhoukragte oor die kind se kop en liggaam (uitgesonderd die ledemate) versprei sal word.

2.5 stoelsteunstuk: Die deel van 'n kinderkeertoestel waardeur die stoel gelig kan word.

2.6 kindersteunstuk: Die deel van 'n kinderkeertoestel waardeur die kind binne die kinderkeertoestel gelig kan word.

2.7 slagskerm: 'n Toestel wat voor die kind bevestig is en wat ontwerp is om in die geval van 'n frontale slag die teëhoukragte oor die grootste deel van die hoogte van die kind se liggaam te versprei.

2.8 band: 'n Buigsame komponent wat ontwerp is om kragte oor te dra.

2.8.1 skootband: 'n Band wat óf in die vorm van 'n volledige gordel óf in die vorm van 'n komponent van sodanige gordel oor die voorkant van 'n kind se bakkendeel strek en bedoel is om dié deel teë te hou.

2.8.2 skouerkeerder: Die deel van 'n gordel wat bedoel is om die kind se bolyf teë te hou.

2.8.3 mikband: 'n Band (of verdeelde bande, in gevalle waar twee of meer stukke webband die band vorm) wat aan die kinderkeertoestel en die skootband bevestig is en so geplaas is dat dit tussen die kind se dye deurloop; dit is ontwerp om te verhoed dat die kind tydens normale gebruik onder die skootgordel uitgly en om te verhoed dat die skootgordel tydens 'n slag van die bekken af opskuif.

2.8.4 kinderkeerband: 'n Band wat 'n samestellende deel van 'n gordel uitmaak en wat bedoel is om slegs die liggaam van die kind teë te hou.

2.8.5 vashegband van kinderkeertoestel: 'n Band wat die kinderkeertoestel aan die struktuur van die voertuig heg en wat deel van die vashoutoestel van die voertuigsitplek kan uitmaak.

2.8.6 tuiggordel: 'n Gordelsamestel wat uit 'n skootband, skouerkeeders en, indien aangebring, 'n mikband bestaan.

2.8.7 Y-vormige gordel: 'n Gordel waarby die bandkombinasie gevorm word deur 'n band wat tussen die kind se bene deur gelei moet word en 'n band vir elke skouer.

2.9 gespe: 'n Snelloosser wat die keertoestel in staat stel om die kind teë te hou of die struktuur van die voertuig in staat stel om die keertoestel teë te hou en wat maklik oopgemaak kan word. Die gespe kan die versteller insluit.

2.9.1 omslote gespevrymaakknop: 'n Gespevrymaakknop wat sodanig is dat dit nie moontlik is om die gespe met behulp van 'n sfeer met 'n diameter van 40 mm vry te maak nie.

2.9.2 nie-omslote gespevrymaakknop: 'n Gespevrymaakknop wat sodanig is dat dit moontlik is om die gespe met behulp van 'n sfeer met 'n diameter van 40 mm vry te maak.

2.10 versteller: 'n Toestel wat bedoel is om dit moontlik te maak om 'n keertoestel of sy hegstukke volgens die liggaamsbou van die draer of die voertuigkonfigurasie of albei te verstel. Die versteller kan 'n deel van die gespe wees of kan 'n terugtrekker of enige ander deel van die veiligheidsgordel wees.

2.10.1 snelversteller: 'n Versteller wat in een gelykmatige beweging met een hand verstel kan word.

2.11 hegstukke: Dele van die kinderkeertoestel, met inbegrip van vasmaakkomponente, wat dit moontlik maak om die kinderkeertoestel, hetsy regstreeks of deur die voertuigsitplek, stewig aan die voertuigstruktuur te bevestig.

2.12 energieabsorbeerder: 'n Toestel wat ontwerp is om energie onafhanklik van of in samewerking met 'n band te versprei en wat deel van 'n kinderkeertoestel uitmaak.

2.13 terugtrekker: 'n Toestel wat ontwerp is om 'n deel van die band of die hele band van 'n kinderkeertoestel te akkommodeer. Die term dek die volgende toestelle:

2.13.1 selfsluiterugtrekker: 'n Terugtrekker wat toelaat dat die gewenste lengte van 'n band uitgetrek kan word en wat, as die gespe vasgemaak is, die band outomaties by die draer se liggaamsbou aanpas en wat voorkom dat die band verder uittrek tensy die draer dit doelbewus doen.

2.13.2 noodsluiterugtrekker: 'n terugtrekker wat nie die bewegingsvryheid van die draer van die gordel in gewone rytoestande beperk nie. So 'n toestel het lengteverstellers wat die band outomaties by die liggaamsbou van die draer aanpas, asook 'n sluitmeganisme wat in 'n noodgeval geaktueer word deur:

2.13.2.1 spoedvermindering van die voertuig, uittrek van die band uit die terugtrekker of op enige ander outomatiese wyse (enkelgevoeligheid); of

2.13.2.2 'n kombinasie van enige hiervan (meervoudige gevoeligheid).

2.14 keertoestelverankerings: Die dele van die voertuigstruktuur of sitplekstruktuur waaraan die hegstukke van die kinderkeertoestel bevestig word.

2.14.1 bykomende verankering: 'n Deel van die voertuigstruktuur of -sitplekstruktuur of enige ander deel van die voertuig waaraan 'n kinderkeertoestel bedoel is om bevestig te word en wat bykomend is by die verankering wat deur SABS 1430:1987, *Motorvoertuigveiligheidspesifikasie vir verankerings vir keertoestelle in motorvoertuie*, gedek word.

2.15 vorentoe gerig: In die normale beweegrigting van die voertuig gerig.

2.16 agtertoe gerig: In die teenoorgestelde rigting as die normale beweegrigting van die voertuig gerig.

2.17 skuins posisie: 'n Spesiale posisie van die stoel wat die kind toelaat om agteroor te leun.

2.18 lêposisie/op die rug liggend/op die maag liggend: 'n Posisie waarin minstens die kind se kop en liggaam op 'n horisontale oppervlak is as die kind in die keertoestel rus.

2.19 kinderkeertoesteltipe: Beskryf kinderkeertoestelle wat nie in die volgende wesenlike opsigte verskil nie:

2.19.1 die kategorie en die massagroep(e) waarvoor en die posisie en rigting (soos omskryf in 2.15 en 2.16) waarin, die keertoestel bedoel is om gebruik te word;

2.19.2 die geometrie van die kinderkeertoestel;

2.19.3 die afmetings, massa, materiaal en kleur van:

- die sitplek,
- die stoffeersel; en
- die slagskerm;

2.19.4 die materiaal, binding, afmetings en kleur van die bande;

2.19.5 die onbuigsame komponente (gespe, hegstukke, ens).

2.20 voertuigsitplek: 'n Struktuur, met inbegrip van die bekleding, wat 'n integrerende deel van die voertuigstruktuur kan wees of nie en wat bedoel is om sitplek aan een volwassene te bied. In hierdie verband beteken:

2.20.1 groep voertuigsitplekke: 'n banksitplek of meer as een sitplek wat afsonderlik maar langs mekaar is (dws só bevestig dat die voorste verankerings van een sitplek op dieselfde lyn is as die voorste of agterste verankerings van 'n ander sitplek of op 'n lyn wat tussen dié verankerings deurloop) en wat elk sitplek aan een of meer volwassenes bied.

2.20.2 banksitplek van voertuig: 'n struktuur wat bedoel is om sitplek aan meer as een volwassene te bied;

2.20.3 voorste sitplekke van voertuig: die groep voertuigsitplekke wat heel voor in die passasiers-kompartement geleë is, dws wat geen ander sitplek reg voor hulle het nie.

2.20.4 agterste sitplekke van voertuig: vaste, vorentoe gerigte voertuigsitplekke wat agter 'n ander groep voertuigsitplekke geplaas is.

2.21 verstelstelsel: Die volledige inrigting waardeur 'n voertuigsitplek of dele daarvan verstel kan word om by die liggaamsbou van die volwasse insittende te pas; hierdie inrigting kan in die besonder voorsiening maak vir een of meer van die volgende:

2.21.1 oorlangse verskuiwing;

2.21.2 vertikale verskuiwing;

2.21.3 hoekverskuiwing.

2.22 voertuigsitplekverankering. Die stelsel, met inbegrip van die betrokke dele van die voertuigstruktuur, waardeur 'n voertuigsitplek in sy geheel aan die voertuigstruktuur bevestig word.

2.23 sitplektype: Beskryf 'n kategorie voertuigsitplekke wat nie in die volgende wesenlike opsigte verskil nie:

2.23.1 die fatsoen, afmetings en materiaal van die sitplekstruktuur;

2.23.2 die tipe en afmetings van die sitplekverstel-en-sluitstelsels; en

2.23.3 die tipe en afmetings van die verankering aan die sitplek vir 'n veiligheidsgordel vir 'n volwassene, van die sitplekverankering en van die betrokke dele van die voertuigstruktuur.

2.24 verplasingstelsel: 'n Inrigting wat dit moontlik maak om 'n voertuigsitplek of een van die dele daarvan deur 'n hoek of oorlangs te verskuif, sonder 'n vaste tussenposisie, om die inklim en uitklim van passasiers en die laai en aflaai van voorwerpe makliker te maak.

2.25 sluitstelsel: 'n Inrigting wat verseker dat 'n voertuigsitplek en die dele daarvan in die gebruiksposisie gehou word.

2.26 afsluittoestel: 'n Toestel wat sluit, en beweging van een deel van die webband van dieselfde gordel verhoed. Die toestel voldoen aan 6.2.9 indien dit saam met keertoestelle van groep I verskaf word.

3 Gereserveer

4 Merke

4.1 Die fabrikant se naam, handelsnaam of handelsmerk en onderdeelnommer en 'n wyse van identifikasie vir opspoordoeleindes moet duidelik en onuitwisbaar op elke kinderkeertoestel aangebring wees.

4.2 Die jaar van vervaardiging moet duidelik (en onuitwisbaar) op een van die plastiekdele van die kinderkeertoestel (soos die dop, slagskerm, steunkussing, ens, uitgesonderd die gordel(s) of harnas) aangebring wees.

4.3 Indien die keertoestel saam met 'n veiligheidsgordel vir volwassenes gebruik gaan word, moet die korrekte webbandroetering duidelik aangedui word deur middel van 'n skets wat permanent aan die keertoestel bevestig is.

5 Gereserveer

6 Algemene vereistes

6.1 Posisie in en bevestiging aan die voertuig

6.1.1 Die gebruik van kinderkeertoestelle van die "universele" en "voertuigspesifieke" kategorieë word by voorste en agterste sitplekposisies toegelaat indien die keertoestelle in ooreenstemming met die fabrikant se aanwysings aangebring word.

6.1.2 Die gebruik van kinderkeertoestelle van die "semi-universele" kategorie word toegelaat soos in 6.1.2.1 en 6.1.2.2 voorgeskryf word:

6.1.2.1 In die geval van vorentoe gerigte toestelle, in die agterste sitplekposisies vir volwassenes.

6.1.2.2 In die geval van agtertoe gerigte toestelle, in die voorste sitplekposisies vir volwassenes.

6.1.3 Na gelang van die kategorie waaronder dit ressorteer, moet die kinderkeertoestel aan die voertuigstruktuur of aan die sitplekstruktuur bevestig wees:

6.1.3.1 in die geval van die "universele" kategorie: slegs deur middel van die verankerings voorgeskryf in SABS 1430:1987 (kyk 2.14.1);

6.1.3.2 in die geval van die "semi-universele" kategorie: deur middel van die onderste verankerings voorgeskryf in genoemde SABS 1430 en bykomende verankerings wat aan die aanbeveling in byvoegsel 11 van hierdie spesifikasie voldoen;

6.1.3.3 in die geval van die "voertuigspesifieke" kategorie: deur middel van die verankerings wat deur die fabrikant van die voertuig of die fabrikant van die kinderkeertoestel ontwerp is.

6.1.3.4 In die geval van kinderkeerbebande of vashegbande vir kinderkeertoestelle wat gebruik maak van gordelverankerings waaraan 'n gordel of gordels vir volwassenes reeds aangebring is, moet die toetsowerheid nagaan of:

- Die doeltreffende verankeringsposisie vir volwassenes aan genoemde SABS 1430 voldoen;
- Doeltreffende werking van elke toestel nie deur die ander belemmer word nie;
- Die gespes van die stelsel vir volwassenes en die bykomende stelsel nie verwisselbaar is nie.

In die geval van kinderkeerstelsels wat gebruik maak van stawe (of ekstra toestelle wat bevestig is aan die verankerings wat aan genoemde SABS 1430 voldoen) en wat die doeltreffende verankeringsposisie buite die bestek van SABS 1430 verskuif, geld die volgende punte:

- Die toetsowerheid moet die vereistes in byvoegsel 11 van hierdie spesifikasie op die staaf en op die hegters toepas;

- Die staaf moet by die dinamiese toets ingesluit word, terwyl die las op die middel van die staaf by sy grootste verlenging opgelê word, indien die staaf verstelbaar is;
- Daar mag nie aan die effektiewe posisie en die werking van enige verankering vir volwassenes waardeur die staaf bevestig is, afbreuk gedoen word nie.

6.1.4 Die kinderkeertoestel self kan deur 'n sitplekgordel vir volwassenes met of sonder 'n terugtrekker bevestig word, maar sodanige sitplekgordel vir volwassenes moet voldoen aan die vereistes van SABS 1080:1983, *Keertoestelle (veiligheidsgordels) in motorvoertuie vir insittendes van volwasse bou (Hersiene vereistes)*, of van 'n ekwivalente standaard wat van krag is.

6.1.5 Die fabrikant van die kinderkeertoestel moet skriftelik verklaar dat die toksisiteit van die materiaal wat by die vervaardiging van keerstelsels gebruik word en wat vir die kind wat teëgehou word toeganklik is, in ooreenstemming met die toepaslike dele van CEN *Safety of toys* (Junie 1982) is. Toetse om die geldigheid van die verklaring te bevestig, kan na goeddunke van die toetsowerheid uitgevoer word. Hierdie onderafdeling is nie op keertoestelle van groep II en III van toepassing nie.

OPM – Die toepaslike CEN-spesifikasies kan van CEN, 2 Rue Bréderode B.P.5, B 1000 Bruxelles, Belgique, of van die SABS verkry word.

6.1.6 Die fabrikant van die kinderkeertoestel moet skriftelik verklaar dat die vlambaarheid van die materiaal waarvan die keertoestel gemaak is in ooreenstemming met die toepaslike paragrawe van die Gekonsolideerde ECE-besluit oor die konstruksie van voertuie (R.E.3)(dokument TRANS/SC1/WP29/78, paragraaf 1.42) is. Toetse om die geldigheid van die verklaring te bevestig, kan na goeddunke van die toetsowerheid uitgevoer word.

6.2 Konfigurasie

6.2.1 Die konfigurasie van die keertoestel moet sodanig wees dat:

6.2.1.1 die keertoestel in enige bedoelde posisie van die keerstelsel die vereiste beskerming verleen;

6.2.1.2 die kind maklik en vinnig ingesit en uitgehaal kan word; in die geval van 'n kinderkeerstelsel waarin die kind deur middel van 'n tuiggordel of 'n Y-vormige gordel sonder 'n terugtrekker teëgehou word, moet elke skouerkeerder en skootband tydens die prosedure wat in 7.2.1.4 voorgeskryf word, met betrekking tot mekaar kan beweeg.

In hierdie gevalle kan die gordelsamestel van die kinderkeerstelsel met twee of meer verbindingsdele ontwerp wees;

6.2.1.3 indien dit moontlik is om die keertoestel skuins te stel, dit sonder verstelling van die bande uitgevoer kan word. 'n Doelbewuste handeling moet nodig wees om die keertoestel in 'n skuins posisie te plaas;

6.2.1.4 'n keerstelsel van groep I die kind in so 'n posisie sal hou dat die vereiste beskerming verleen word, selfs al slaap die kind.

6.2.2 In die geval van groep I, II en III moet alle keerstelsels sodanig wees dat hulle die bekken van die kind in die geval van botsing steun.

6.2.3 Alle bande van die keertoestel moet so geplaas wees dat hulle nie ongemak vir die kind tydens gewone gebruik sal veroorsaak nie en nie 'n gevaarlike konfigurasie sal aanneem nie. Die afstand tussen die skouerbande in die nabyheid van die nek moet minstens die breedte van die nek van die toepaslike toetspop wees.

6.2.4 Die samestel mag nie swak dele van die kind se liggaam (buik, mik, ens) aan oormatige spanning blootstel nie. Die ontwerp moet sodanig wees dat geen druklas op die kroon van die kind se kop in die geval van botsing uitgeoefen word nie.

6.2.5 Die kinderkeertoestel moet so ontwerp en geïnstalleer wees dat:

6.2.5.1 die gevaar van besering van die kind en van ander insittendes van die voertuig as gevolg van, byvoorbeeld, skerp rande of uitsteeksels (soos omskryf in SABS 1047:1984, *Motorvoertuigveiligheidsstandaardspesifikasie vir binnetoebehore (passasiersmotors)*) tot die minimum beperk word;

6.2.5.2 dit nie skerp rande of uitsteeksels het wat moontlik voertuigsitplekbekledings of die klere van insittendes kan beskadig nie;

6.2.5.3 dit nie swak dele van die kind se liggaam (buik, mik, ens) onderwerp aan bykomende inersiekrag wat deur die keertoestel veroorsaak word nie;

6.2.5.4 daar verseker word dat die onbuigsame dele van die keertoestel nie by punte waar hulle met bande in aanraking is, skerp rande het wat die bande kan skuur nie.

6.2.6 Enige deel wat afhaalbaar gemaak is sodat komponente aangeheg of afgehaal kan word, moet só ontwerp wees dat die gevaar dat hulle verkeerd saamgestel en gebruik word, so ver moontlik uitgeskakel is. Toestelle wat die sitplekgordels vir volwassenes sluit, indien daar is, moet permanent bevestig wees aan die keerstelsel waarvoor hulle bedoel is.

6.2.7 Indien 'n kinderkeertoestel van groep I en groep II en van groep I en II gekombineer, 'n stoelrugleuning insluit, moet die binnehoogte van die stoelrugleuning, volgens die diagram in byvoegsel 12 van hierdie spesifikasie bepaal, minstens 500 mm wees.

6.2.8 Slegs selfsluit- of noodsluiterugtrekkers mag gebruik word.

6.2.9 In die geval van keertoestelle van groep I mag dit nie vir die kind moontlik wees om dié deel van die stelsel wat die bekken teëhou, maklik los te maak nadat die kind ingesit is nie; 'n toestel wat ontwerp is om die bekken teë te hou, moet blywend aan die kinderkeerstelsel bevestig wees.

6.2.10 'n Kinderkeertoestel kan vir meer as een massagroep ontwerp wees, mits dit aan die voorgeskrewe vereistes vir elk van die betrokke groepe voldoen.

6.2.11 Kinderkeertoestelle met terugtrekker

In die geval van 'n kinderkeertoestel wat 'n terugtrekker insluit, moet die terugtrekker aan die vereistes van 7.2.3 voldoen.

6.2.12 In die geval van steunkussings moet die gemak waarmee die bande en tong van 'n gordel vir volwassenes deur die hegpunte gaan, ondersoek word. Dit geld in die besonder vir steunkussings wat vir die voorste sitplekke van motors ontwerp is en wat lang halfstye stele kan hê. Die bevestigde gespe moet nie deur die hegpunte van steunsitplekke kan gaan of die gordel heeltemal anders as in die geval van die toetswaentjie laat lê nie.

6.2.13 tot 6.2.20 Gereserveer

7 Besondere vereistes

7.1 Bepalings van toepassing op die saamgestelde keertoestel

7.1.1 Korrosiebestandheid

7.1.1.1 'n Volledige kinderkeertoestel of die dele daarvan wat moontlik kan roes, moet aan die korrosietoets in 8.1.1 onderwerp word.

7.1.1.2 Na afloop van die korrosietoets wat in 8.1.1.1 en 8.1.1.2 voorgeskryf word, mag daar geen teken van agteruitgang wat moontlik aan die behoorlike funksionering van die kinderkeertoestel afbreuk kan doen en geen noemenswaardige korrosie met die blote oog vir 'n gekwalifiseerde waarnemer sigbaar wees nie.

7.1.2 Energieabsorpsie

7.1.2.1 Alle oppervlakke van 'n keertoestel wat moontlik deur die kop of gesig getref kan word, moet aan die vereistes van genoemde SABS 1047 voldoen (kyk 6.2.5.1).

7.1.3 Omgooi

7.1.3.1 Die kinderkeertoestel moet getoets word soos in 8.1.2 voorgeskryf word; die toetspop mag nie uit die keertoestel val nie en as die toetssitplek onderstebo is, mag die toetspop se kop nie meer as 300 mm in 'n vertikale rigting met betrekking tot die toetssitplek uit die oorspronklike posisie beweeg nie.

7.1.4 Dinamiese toets

7.1.4.1 Algemeen

Die kinderkeertoestel moet aan die dinamiese toetse onderwerp word wat in 8.1.3 voorgeskryf word.

7.1.4.1.1 Kinderkeertoestelle van die "universele" en "semi-universele" kategorieë moet met behulp van die toetssitplek wat in byvoegsel 6 van hierdie spesifikasie voorgeskryf word en in ooreenstemming met 8.1.3.1 op die toetswaentjie getoets word.

7.1.4.1.2 Kinderkeertoestelle van die "voertuigspesifieke" kategorie moet óf in 'n voertuigbakdop op die toetswaentjie getoets word soos in 8.1.3.2 voorgeskryf word, óf in 'n volledige voertuig soos in 8.1.3.3 voorgeskryf word.

7.1.4.1.3 Die dinamiese toets moet uitgevoer word op kinderkeertoestelle wat nie voorheen belas is nie.

7.1.4.1.4 Tydens die dinamiese toets mag geen deel van die kinderkeertoestel wat help om die kind in posisie te hou, breek nie, en mag geen gespes of sluitstelsel of verplasingstelsel losgaan nie.

7.1.4.1.5 In die geval van 'n keertoestel van die "nie-integrerende klas" moet die sitplekgordel wat gebruik word die standaardgordel wees en sy verankeringsstukke moet wees soos in byvoegsel 13 van hierdie spesifikasie voorgeskryf word.

7.1.4.2 Borsversnelling

7.1.4.2.1 Die resulterende borsversnelling mag nie 540 m/s^2 oorskry nie, behalwe tydens tydperke waarvan die som nie 3 ms oorskry nie.

7.1.4.2.2 Die vertikale komponent van die versnelling vanaf die buik na die kop mag nie 295 m/s^2 oorskry nie, behalwe gedurende tydperke waarvan die som nie 3 ms oorskry nie.

OPM – Borsversnellingsgrense geld nie as die "pasgebore" toetspop gebruik word nie.

7.1.4.3 Buikindringing

7.1.4.3.1 By die verifiëring wat in 5.3 van byvoegsel 8 van hierdie spesifikasie beskryf word, mag daar geen sigbare teken wees van indringing in die modelleerklei in die buikdeel wat deur enige deel van die keertoestel veroorsaak is nie.

OPM – Aangesien die "pasgebore" toetspop nie met 'n buikinvoegsel toegerus is nie, kan slegs 'n subjektiewe ontleding as riglyn vir buikindringing gebruik word.

7.1.4.4 Verskuiwing van toetspop


7.1.4.4.1 Kinderkeertoestelle van die "universele" en "semi-universele" kategorieë:

7.1.4.4.1.1 Groep I, II en III

7.1.4.4.1.1.1 Vorentoe gerigte keertoestelle

Die kop van die toetspop mag nie verby die vlakke BA en DA wat in die figuur hieronder aangedui word, beweeg nie.


Afmetings in millimeter



7.1.4.4.1.2 Agtertoe gerigte keertoestelle

Die kop van die toetspop mag nie verby die vlakke AD en DC, wat in die figuur hieronder aangedui word, beweeg nie.

Afmetings in millimeter



7.1.4.4.1.2 Groep 0

Die toetspop, sonder inagneming van die ledemate, moet in die keerstelsel teëgehou word en mag nie die vlakke wat hieronder aangedui word, oorvleuel nie:

- In die geval van agtertoe gerigte toestelle wat teen die instrumentpaneel gemonteer is:

Vlak AD en DC,

- In die geval van agtertoe gerigte toestelle wat nie teen die instrumentpaneel gemonteer is nie, en in die geval van drawiegies:

Vlak AB, AD en DE

7.1.4.4.2 Kinderkeertoestelle van die "voertuigspesifieke" kategorie: by die toets van 'n kinderkeertoestel van hierdie kategorie in 'n volledige voertuig of 'n voertuigbakdop, mag die kop van die toetspop nie met enige deel van die voertuig in aanraking kom nie, behalwe soos volg: Indien daar sodanige aanraking deur die kop van die toetspop is, moet die spoed waarteen die kop die deel tref minder as 24 km/h wees en die deel waarmee die kop in aanraking kom, moet aan die vereistes vir energieverstrooiingsmateriaal in genoemde SABS 1047 (kyk 6.2.5.1) voldoen.

7.2 Bepalings van toepassing op afsonderlike komponente van die keertoestel

7.2.1 Gespe

7.2.1.1 Die gespe moet só ontwerp wees dat dit enige moontlikheid van verkeerde gebruik uitsluit. Dit beteken onder andere dat dit nie moontlik mag wees om die gespe in 'n gedeeltelik toe posisie te laat nie; dit mag nie moontlik wees om die dele van die gespe onopsetlik om te ruil as die gespe gesluit word nie; die gespe mag slegs sluit as al die dele ingeskakel is. Waar die gespe ook al met die kind in aan-

raking kom, mag dit nie smaller wees as die minimum bandbreedte wat in 7.2.4.1.1 gespesifiseer word nie. Hierdie onderafdeling is nie van toepassing op gordelsamestelle wat reeds volgens SABS 1080:1983, *Keertoestelle (veiligheidsgordels) in motorvoertuie vir insittendes van volwasse bou (Hersiene vereistes)* of 'n ekwivalente standaard wat van krag is, goedgekeur is nie.

7.2.1.2 Die gespe moet selfs as dit nie onder spanning is nie, steeds vergrendel bly ongeag die posisie daarvan. Dit moet maklik gebruik en raakgevat kan word. Die gespe moet oopgemaak kan word deur 'n knop of soortgelyke inrigting te druk. Die oppervlak waarop dié druk aangewend word, moet in die werklike ontsluitposisie, in die geval van omslote inrigtings, 'n oppervlakte van minstens 4,5 cm² en 'n breedte van minstens 15 mm hê; en, in die geval van nie-omslote inrigtings, 'n oppervlakte van 2,5 cm² en 'n breedte van minstens 10 mm. Die oppervlak van die gespelosmaker moet rooi wees. Geen ander deel van die gespe mag hierdie kleur hê nie.

7.2.1.2.1 Geskrap

7.2.1.2.2 Geskrap

7.2.1.3 Die oppervlak van die gespelosmaker moet rooi wees; geen ander deel van die gespe mag hierdie kleur hê nie.

7.2.1.4 Dit moet moontlik wees om die kind met 'n enkele druk op een gespe uit die keertoestel los te maak. In die geval van 'n groep 0-keertoestel mag die kind saam met toestelle soos 'n babadraer/drawieg/drawiegkeertoestel uitgehaal word, mits die kinderkeerstelsel losgemaak kan word deur op hoogstens twee gespes te druk.

7.2.1.5 In die geval van groep II- en III-keertoestelle moet die gespe so geplaas wees dat die insittende kind dit kan bykom. Hierbenewens moet die gespe in die geval van alle groepe só geplaas wees dat die doel en werking daarvan in 'n noodgeval onmiddellik vir 'n redder duidelik sal wees.

7.2.1.6 Die oopmaak van die gespe moet dit moontlik maak om die kind onafhanklik van die "stoel", "stoelsteunstuk" of "slagskerm", indien dit aangebring is, uit te haal. Die mikband moet deur die werking van dieselfde gespe losgemaak word.

7.2.1.7 Die gespe moet herhaalde gebruik kan deurstaan en moet voor die dinamiese toetse wat in 8.1.3 voorgeskryf word, 'n toets ondergaan wat uit 5 000 oop-en-toemaak-siklusse in normale gebruikstoestande bestaan.

7.2.1.8 Die gespe moet aan die volgende oopmaaktoetse onderwerp word:

7.2.1.8.1 Toets onder las

7.2.1.8.1.1 'n Kinderkeertoestel wat reeds die dinamiese toetse voorgeskryf in 8.1.3 ondergaan het, moet vir hierdie toets gebruik word.

7.2.1.8.1.2 Die krag wat vereis word om die gespe in die toets voorgeskryf in 8.2.1.1 oop te maak, mag nie 60 N oorskry nie.

7.2.1.8.2 Nullastoets

7.2.1.8.2.1 'n Gespe wat nie voorheen aan 'n las onderwerp is nie, moet vir hierdie toets gebruik word. Die krag wat nodig is om die gespe oop te maak as dit nie onder las is nie, moet minstens 10 N wees in die toets wat in 8.2.1.2 voorgeskryf word.

7.2.2 Versteller

7.2.2.1 Die verstelbestek moet toereikend wees om korrekte verstelling van die kinderkeertoestel toe te laat vir die hele massagroep waarvoor die keertoestel bedoel is en om bevredigende installering in alle gespesifiseerde voertuigmodelle moontlik te maak.

7.2.2.2 Alle verstellers moet van die "snelverstell tipe" wees, maar verstellers wat slegs vir die aanvanklike installering van die keertoestel in die voertuig gebruik word, kan van 'n ander tipe as die "snelverstell tipe" wees.

7.2.2.3 Inrigtings van die "snelverstell tipe" moet maklik bereikbaar wees as die kinderkeertoestel korrek geïnstalleer is en die kind of toetspop in posisie is.

7.2.2.4 'n Inrigting van die "snelverstell tipe" moet maklik by die kind se liggaamsbou aangepas kan word. Veral in die geval van die toets wat volgens 8.2.2.1 uitgevoer word, moet die krag wat vereis word om 'n handgewerkte versteller te gebruik, nie 50 N oorskry nie.

7.2.2.5 Twee monsters van die kinderkeertoestelverstellers moet getoets word soos in 8.2.3 voorgeskryf word.

7.2.2.5.1 Die mate van bandglyding mag nie 25 mm vir een versteller of 40 mm vir al die verstellers oorskry nie.

7.2.2.6 By die toets van die versteller soos in 8.2.2.1 voorgeskryf word, mag dit nie breek of losraak nie.

7.2.3 Terugtrekkers

7.2.3.1 Selfsluiterugtrekkers

7.2.3.1.1 Die band van 'n gordel wat van 'n selfsluiterugtrekker voorsien is, mag hoogstens 30 mm tussen die sluitposisies van die terugtrekker afrol. As die draer agtertoe beweeg, moet die gordel óf in die oorspronklike posisie bly óf outomaties na dié posisie terugkeer as die draer daarna vorentoe beweeg.

7.2.3.1.2 Indien die terugtrekker deel van 'n skootband is, moet die terugtrekkrag van die band minstens 7 N wees gemeet in die vry lengte tussen die toetspop en die terugtrekker soos in 8.2.4.1 voorgeskryf word. Indien die terugtrekker deel van 'n skouerkeerder is, moet die terugtrekkrag van die band, op soortgelyke wyse gemeet, minstens 2 N en hoogstens 7 N wees. Indien die band deur 'n leier of oor 'n katrol gaan, moet die terugtrekkrag in die vry lengte tussen die toetspop en die leier of katrol gemeet word. Indien die samestel 'n inrigting insluit, hetsy handgewerk of outomaties, wat verhoed dat die band heeltemal terugtrek, mag dié inrigting nie in werking wees wanneer dié metings gedoen word nie.

7.2.3.1.3 Die band moet herhaaldelik in die toestand wat in 8.2.4.2 voorgeskryf word uit die terugtrekker getrek en toegelaat word om terug te trek totdat 5 000 siklusse voltooi is. Die terugtrekker moet dan aan die korrosietoets in 8.1.1 en aan die stofbestandheidstoets in 8.2.4.5 onderwerp word. Dit moet dan nog 5 000 uit-en-terugtrek-siklusse bevredigend deurstaan. Na afloop van bogemelde toetse moet die terugtrekker steeds korrek werk en aan die vereistes van 7.2.3.1.1 en 7.2.3.1.2 voldoen.

7.2.3.2 Noodsluiterugtrekkers

7.2.3.2.1 By die toets van 'n noodsluiterugtrekker soos in 8.2.4.3 voorgeskryf word, moet dit aan die voorwaardes hieronder voldoen:

7.2.3.2.1.1 Dit moet gesluit wees as die spoedvermindering van die voertuig $4,4 \text{ m/s}^2$ bereik.

7.2.3.2.1.2 Dit mag nie sluit by bandversnellings, gemeet in die as van banduittrekking, van minder as $7,8 \text{ m/s}^2$ nie.

7.2.3.2.1.3 Dit mag nie sluit as die sensor daarvan deur hoogstens 12° gekantel word in enige rigting uit die installeringsposisie wat die fabrikant van die terugtrekker spesifiseer.

7.2.3.2.1.4 Dit moet sluit as die sensor daarvan deur meer as 27° gekantel word in enige rigting uit die installeringsposisie wat die fabrikant van die terugtrekker spesifiseer.

7.2.3.2.2 Indien die werking van 'n terugtrekker van 'n eksterne sein of kragbron afhang, moet die ontwerp verseker dat die terugtrekker in geval van faling of onderbreking van dié sein of kragbron outomaties sluit.

7.2.3.2.3 'n Noodsluiterugtrekker met meervoudige gevoeligheid moet aan die vereistes hierbo voldoen. Hierbenewens, indien een van die gevoeligheidsfaktore op banduittrekking betrekking het, moet sluiting voorgekom het by 'n bandversnelling van $14,7 \text{ m/s}^2$, gemeet in die as van banduittrekking.

7.2.3.2.4 In die toetse in 7.2.3.2.1.1 en 7.2.3.2.3 genoem, mag die mate van banduittrekking wat voorkom voordat die terugtrekker sluit, nie 50 mm oorskry nie, gemeet vanaf die afrollelengte wat in 8.2.4.3.1 gespesifiseer word. In die toets wat in 7.2.3.2.1.2 genoem word, mag sluiting nie voorkom gedurende die 50 mm van banduittrekking nie, gemeet vanaf die afrollelengte wat in 8.2.4.3.1 gespesifiseer word.

7.2.3.2.5 Indien die terugtrekker deel van 'n skootband is, moet die terugtrekkrag van die band minstens 7 N wees, gemeet in die vry lengte tussen die toetspop en die terugtrekker soos in 8.2.4.1 voorgeskryf word. Indien die terugtrekker deel van 'n skouerkeerder is, moet die terugtrekkrag van die band, op soortgelyke wyse gemeet, minstens 2 N en hoogstens 7 N wees. Indien die band deur 'n leier of oor 'n katrol gaan, moet die terugtrekkrag in die vry lengte tussen die toetspop en die leier of katrol gemeet word. Indien die samestel 'n inrigting insluit, hetsy handgewerk of outomaties, wat verhoed dat die band heeltemal terugtrek, mag dié inrigting nie in werking wees wanneer dié metings gedoen word nie.

7.2.3.2.6 Die band moet herhaaldelik in die toestande wat in 8.2.4.2 voorgeskryf word uit die terugtrekker getrek en toegelaat word om terug te trek totdat 40 000 siklusse voltooi is. Die terugtrekker moet dan aan die korrosietoets in 8.1.1 en aan die stofbestandheidstoets in 8.2.4.5 onderwerp word. Dit moet daarna nog 5 000 uit-en-terugtrek-siklusse (dws altesaam 45 000 siklusse) bevredigend deurstaan. Na afloop van bogenelde toetse moet die terugtrekker steeds korrek werk en aan die vereistes van 7.2.3.2.1 tot 7.2.3.2.5 voldoen.

7.2.4 Bande

7.2.4.1 Breedte

7.2.4.1.1 Die bande van 'n kinderkeertoestel moet minstens 25 mm breed wees in die geval van keertoestelle van groep 0 en I en minstens 38 mm breed in die geval van keertoestelle van groep II en III.

Hierdie afmetings moet gemeet word gedurende die toets vir bandsterkte wat in 8.2.5.1 voorgeskryf word, sonder om die masjien te stop en onder 'n las gelyk aan 75 % van die breekklas van die band.

7.2.4.2 Sterkte na kamerkondisionering

7.2.4.2.1 Die breekklas van die band, bepaal soos in 8.2.5.1.2 voorgeskryf word op twee monsterbande wat gekondisioneer is soos in 8.2.5.2.1 voorgeskryf word, moet minstens 4,8 kN wees in die geval van keertoestelle van groep 0 en I en minstens 9,6 kN in die geval van keertoestelle van groep II en III.

7.2.4.2.2 Die verskil tussen die breekklaswaardes van die twee monsters mag nie 10 % van die hoogste van die twee breekklaswaardes wat gemeet is, oorskry nie.

7.2.4.3 Sterkte na spesiale kondisionering

7.2.4.3.1 In die geval van twee bande wat gekondisioneer is soos in een van die bepalings van 8.2.5.2 (uitgesonderd 8.2.5.2.1) voorgeskryf word, moet die breekklas van die band minstens 75 % wees van die gemiddelde van die breekklaswaardes wat bepaal is in die toets wat in 8.2.5.1 genoem word.

7.2.4.3.2 Hierbenewens moet die breekklas minstens 3,6 kN wees vir keertoestelle van groep 0 en 1, 1,5 kN vir dié van groep II en 7,2 kN vir dié van groep III.

7.2.4.3.3 Die toetsowerheid kan een of meer van hierdie toetse laat vaar indien die samestelling van die materiaal wat gebruik word of inligting wat reeds beskikbaar is, die toets of toetse onnodig maak.

7.2.4.3.4 Die skuurkondisioneringsprosedure van tipe 1 wat in 8.2.5.2.6 omskryf word, moet slegs uitgevoer word as die mikroglytoets in 8.2.3 'n resultaat lewer wat hoër as 50 % is van die grens wat in 7.2.2.5.1 voorgeskryf word.

7.2.4.4 Skrap

7.2.4.5 Skrap

7.2.4.6 Skrap

7.2.5 Afsluiter

7.2.5.1 Die afsluiter moet permanent aan die kinderkeertoestel bevestig wees.

7.2.5.2 Die afsluiter mag nie die duursaamheid van die gordel vir volwassenes benadeel nie.

7.2.5.3 Die afsluiter mag nie verhoed dat die kind vinnig losgemaak kan word nie.

8 Beskrywing van toetse

8.1 Toetse op die saamgestelde keertoestel

8.1.1 Korrosie

8.1.1.1 Die metaalkomponente van die kinderkeertoestel moet in 'n toetskamer geplaas word soos in byvoegsel 4 van hierdie spesifikasie voorgeskryf word. In die geval van 'n kinderkeertoestel wat 'n terugtrekker insluit, moet die band tot die volle lengte minus 100 mm \pm 3 mm afgerol word. Afsien van kort onderbrekings wat dalk nodig kan wees, bv om die soutoplossing na te gaan en aan te vul, moet die blootstellingstoets oor 'n aaneenlopende tydperk van 50 h uitgevoer word.

8.1.1.2 Na afloop van die blootstellingstoets moet die metaalkomponente van die kinderkeertoestel versigtig in skoon lopende water by 'n temperatuur van hoogstens 38 °C gewas word of gedoop word om enige soutneerslag wat moontlik gevorm het, te verwyder. Daarna moet dit 24 h by kamertemperatuur gelaat word om droog te word voordat dit volgens 7.1.1.2 ondersoek word.

8.1.2 Omgooi

8.1.2.1 Die toetspop moet in die keertoestel geplaas word wat volgens hierdie spesifikasie geïnstalleer is en met inagneming van die fabrikant se aanwysings en met die standaardspeling soos in 8.1.3.6 gespesifiseer word.

8.1.2.2 Die keertoestel moet aan die toetssitplek of voertuigsitplek bevestig word. Die hele sitplek moet teen 'n spoed van 2° tot 5° per sekonde deur 'n hoek van 360° gedraai word om 'n horisontale as wat in die mediaanlangsvlak van die sitplek geleë is. Vir die doel van hierdie toets kan 'n keertoestel wat vir gebruik in spesifieke voertuie bedoel is, aan die toetssitplek beskryf in byvoegsel 6 van hierdie spesifikasie, bevestig word.

8.1.2.3 Hierdie toets moet weer uitgevoer word deur die sitplek in die teenoorgestelde rigting te draai nadat die toetspop, indien nodig, in die aanvanklike posisie teruggeplaas is. Die prosedure moet, met die draai-as in die horisontale vlak en met 'n hoek van 90° ten opsigte van die vorige twee toetse, in albei draairigtings herhaal word.

8.1.2.4 Hierdie toetse moet uitgevoer word met die kleinste sowel as die grootste toepaslike toetspop van die groep of groepe waarvoor die keertoestel bedoel is.

8.1.3 Dinamiese toetse

8.1.3.1 Toetse op die waentjie en toetssitplek

8.1.3.1.1 Vorentoe gerig

8.1.3.1.1.1 Die waentjie en toetssitplek wat in die dinamiese toets gebruik word, moet aan die vereistes van byvoegsel 6 van hierdie spesifikasie voldoen.

8.1.3.1.1.2 Die waentjie moet tydens spoedvermindering deurgaans horisontaal bly.

8.1.3.1.1.3 Die spoedvermindering van die waentjie moet verkry word met gebruik van die apparaat wat in byvoegsel 6 van hierdie spesifikasie voorgeskryf word of met gebruik van enige ander toestel wat dieselfde resultate lewer. Dié apparaat moet die prestasie kan lewer wat in 8.1.3.4 en in byvoegsel 7 van hierdie spesifikasie gespesifiseer word.

8.1.3.1.1.4 Die volgende metings en ondersoeke moet gedoen word:

8.1.3.1.1.4.1 die waentjiespoed onmiddellik voor die slag;

8.1.3.1.1.4.2 die stilhou-afstand;

8.1.3.1.1.4.3 die verplasing van die toetspop se kop in die vertikale en horisontale vlakke in die geval van keertoestelle van groep I, II en III en die verskuiwing van die toetspop (uitgesonderd die ledemate) in die geval van keertoestelle van groep 0;

8.1.3.1.1.4.4 die borsversnelling in drie rigtings haaks op mekaar, behalwe in die geval van die "pasgebore" toetspop; en

8.1.3.1.1.4.5 enige sigbare tekens van indringing in die modelleerleklei in die buikdeel (kyk 7:1.4.3.1), behalwe in die geval van die "pasgebore" toetspop.

8.1.3.1.1.5 Die toetse moet teen 'n frekwensie van minstens 500 raampies per sekonde verfilm word.

8.1.3.1.1.6 Ná die slag moet die kinderkeertoestel visueel ondersoek word sonder om die gespe oop te maak ten einde te bepaal of enige faling of breuk voorgekom het.

8.1.3.1.2 Agtertoe gerig

8.1.3.1.2.1 Die toetssitplek moet deur 'n hoek van 180° gedraai word as dit volgens die vereistes van die toets vir slag van agter getoets word.

8.1.3.1.2.2 By die toets van 'n agtertoe gerigte kinderkeertoestel wat vir gebruik in die voorste sitplek-posisie bedoel is, moet die instrumentpaneel van die voertuig verteenwoordig word deur 'n stewige staaf wat op so 'n wyse aan die waentjie bevestig is dat al die energieabsorpsie in die kinderkeertoestel plaasvind.

8.1.3.1.2.3 Die spoedverminderingstoestand moet aan die vereistes van 8.1.3.4 voldoen.

8.1.3.1.2.4 Die metings wat gedoen moet word, is dieselfde as dié in 8.1.3.1.1.4.

8.1.3.1.2.5 Die toetse moet teen 'n frekwensie van minstens 500 raampies per sekonde verfilm word.

8.1.3.1.2.6 Ná die slag moet die kinderkeertoestel visueel ondersoek word sonder om die gespe oop te maak ten einde te bepaal of enige faling of breuk voorgekom het.

8.1.3.2 Toets op waentjie en voertuigbakdop

8.1.3.2.1 Vorentoe gerig

8.1.3.2.1.1 Die metode waarvolgens die voertuig tydens die toets bevestig word, mag nie sodanig wees dat die verankerings van die voertuigsitplekke, veiligheidsgordels vir volwassenes of enige bykomende verankerings wat vir die bevestiging van die kinderkeertoestel vereis word, versterk word of dat die normale vervorming van die struktuur verminder word nie. Daar mag geen deel van die voertuig aanwesig wees wat, deurdat dit die beweging van die toetspop beperk, die las wat tydens die toets op die kinderkeertoestel geplaas word, verminder nie. Die dele van die struktuur wat verwyder is, kan deur dele van dieselfde sterkte vervang word, mits hulle nie die beweging van die toetspop strem nie.

8.1.3.2.1.2 'n Bevestigingstoestel word as bevredigend beskou indien dit geen uitwerking het oor 'n oppervlakte wat oor die hele breedte van die struktuur strek nie en indien die voertuig of struktuur aan die voorkant minstens 500 mm van die verankering van die keerstelsel af vasgehou of bevestig word. Agter moet die struktuur ver genoeg agter die verankerings bevestig wees om te verseker dat daar aan al die vereistes van 8.1.3.2.1.1 voldoen word.

8.1.3.2.1.3 Die voertuigsitplek en kinderkeertoestel moet aangebring word op 'n plek wat deur die toetsowerheid (wat die toetse uitvoer) gekies word ten einde die ongunstigste toestande ten opsigte van sterkte te verkry wat met die installering van die toetspop in die voertuig versoenbaar is. Die posisie van die rugleuning van die voertuigsitplek en die kinderkeertoestel moet in die verslag aangegee word. Indien die skuinste van die rugleuning van die voertuigsitplek verstelbaar is, moet die rugleuning gesluit word soos die fabrikant spesifiseer of, indien dit nie gespesifiseer word nie, teen 'n werklike rugleuninghoek wat so na moontlik aan 25° is.

8.1.3.2.1.4 Tensy daar volgens die aanbring- en gebruiksaanwysings anders vereis word, moet die voorste sitplek in die heel voorste posisie geplaas word wat gewoonlik gebruik word by kinderkeertoestelle wat vir die voorste sitplekposisie bedoel is en in die heel agterste posisie wat gewoonlik gebruik word by kinderkeertoestelle wat vir die agterste sitplekposisie bedoel is.

8.1.3.2.1.5 Die spoedverminderingstoestande moet aan die vereistes van 8.1.3.4 voldoen. Die toetsitplek is die sitplek van die werklike voertuig.

8.1.3.2.1.6 Die volgende metings en ondersoeke moet gedoen word:

8.1.3.2.1.6.1 die waentjiespoed onmiddellik voor die slag;

8.1.3.2.1.6.2 die stilhou-afstand;

8.1.3.2.1.6.3 enige aanraking van die toetspop se kop (in die geval van groep 0, die toetspop sonder inagneming van die ledemate) met die binnekant van die voertuigbakdop;

8.1.3.2.1.6.4 die borsspoedvermindering in drie rigtings haaks op mekaar, behalwe in die geval van die "pasgebore" toetspop;

8.1.3.2.1.6.5 enige sigbare tekens van indringing in die modelleerlei in die buikdeel (kyk 7.1.4.3.1), behalwe in die geval van die "pasgebore" toetspop.

8.1.3.2.1.7 Die toetse moet teen 'n frekwensie van minstens 500 raampies per sekonde verfilm word.

8.1.3.2.1.8 Ná die slag moet die kinderkeertoestel visueel ondersoek word sonder om die gespe oop te maak ten einde te bepaal of enige faling of breuk voorgekom het.

8.1.3.2.2 Agtertoe gerig

8.1.3.2.2.1 In die geval van toetse vir slag van agter moet die voertuigbakdop deur 'n hoek van 180° op die toetswaentjie gedraai word.

8.1.3.2.2 In alle ander opsigte geld die vereistes vir slag van voor.

8.1.3.3 Toets met volledige voertuig

8.1.3.3.1 Die spoedverminderingstoestande moet aan die vereistes van 8.1.3.4 voldoen.

8.1.3.3.2 By toetse vir slag van voor moet die prosedure wees soos in byvoegsel 9 van hierdie spesifikasie uiteengesit word.

8.1.3.3.3 By toetse vir slag van agter moet die prosedure wees soos in byvoegsel 10 van hierdie spesifikasie uiteengesit word.

8.1.3.3.4 Die volgende metings en ondersoeke moet gedoen word:

8.1.3.3.4.1 die spoed van die voertuig/slagstuk onmiddellik voor die slag;

8.1.3.3.4.2 enige aanraking van die toetspop se kop (in die geval van groep 0, die toetspop sonder inagneming van die ledemate) met die binnekant van die voertuig;

8.1.3.3.4.3 die borsversnelling in drie rigtings haaks op mekaar, behalwe in die geval van die "pasgebore" toetspop;

8.1.3.3.4.4 enige sigbare tekens van indringing in die modelleerlei in die buikdeel (kyk 7.1.4.3.1), behalwe in die geval van die "pasgebore" toetspop.

8.1.3.3.5 Die toetse moet teen 'n frekwensie van minstens 500 raampies per sekonde verfilm word.

8.1.3.3.6 Indien die skuinste van die rugleuning van die voorste sitplekke verstelbaar is, moet dit gesluit word soos die fabrikant spesifiseer of, indien dit nie gespesifiseer word nie, teen 'n werklike rugleuninghoek wat so na moontlik aan 25° is.

8.1.3.3.7 Ná die slag moet die kinderkeertoestel visueel ondersoek word sonder om die gespe oop te maak ten einde te bepaal of daar enige faling of breuk voorgekom het.

8.1.3.4 Die toestande vir dinamiese toetse word in die tabel op die volgende bladsy saamgevat.

8.1.3.5 Kinderkeertoestelle wat die gebruik van bykomende verankerings vereis

8.1.3.5.1 In die geval van "semi-universele" kinderkeertoestelle wat die gebruik van bykomende verankerings vereis, moet die vereiste vir 'n toets vir slag van voor volgens 8.1.3.4 soos volg uitgevoer word:

8.1.3.5.2 In die geval van keertoestelle met kort boonste vashegbande, wat bv bedoel is om aan die agterste pakkiesrak bevestig te word, moet die boonste verankeringskonfigurasie op die toetswaentjie wees soos in byvoegsel 6, aanhangsel 4 van hierdie spesifikasie voorgeskryf word.

8.1.3.5.3 In die geval van keertoestelle met lang boonste vashegbande, wat bv bedoel is vir gebruik waar daar geen vaste pakkiesrak is nie en waar die boonste verankeringsbande aan die voertuigvloer vasgeheg word, moet die verankerings op die toetswaentjie wees soos in byvoegsel 6, aanhangsel 4 van hierdie spesifikasie voorgeskryf word.

8.1.3.5.4 In die geval van keertoestelle wat vir gebruik in albei konfigurasies bedoel is, moet die toets uitgevoer word wat die verankeringskonfigurasies voorgeskryf in 8.1.3.5.2 en 8.1.3.5.3 gebruik, maar wanneer die toets uitgevoer word wat die verankeringskonfigurasies voorgeskryf in 8.1.3.5.3 gebruik, moet slegs die swaarste toetspop gebruik word.

8.1.3.5.5 In die geval van agtertoe gerigte keertoestelle moet die onderste verankeringskonfigurasie op die toetswaentjie wees soos in byvoegsel 6, aanhangsel 4 van hierdie spesifikasie voorgeskryf word.

1	2	3	4	5	6	7	8
Toets	Keertoestel	Slag van voor			Slag van agter		
		Spoed	Toets-puls	Stilhou-afstand tydens toets	Spoed	Toets-puls	Stilhou-afstand tydens toets
		km/h		mm	km/h		mm
Waentjie met toetssitplek	Vorentoe gerigte agterste sitplek semi-universeel*	50 + 0 - 2	1	650 ± 50	—	—	—
	Agtertoe gerigte voorste sitplek semi-universeel**	50 + 0 - 2	1	650 ± 50	30 + 2 - 0	2	275 ± 25
Waentjie met toetssitplek	Vorentoe gerigte voorste en agterste sitplek universeel*	50 + 0 - 2	1	650 ± 50	—	—	—
	Agtertoe gerigte voorste en agterste sitplek universeel**	50 + 0 - 2	1	650 ± 50	30 + 2 - 0	2	275 ± 25
Voertuigbak op waentjie	Vorentoe gerigte voorste en agterste sitplek*	50 + 0 - 2	1	650 ± 50	—	—	—
	Agtertoe gerigte voorste en agterste sitplek*	50 + 0 - 2	1	650 ± 50	30 + 2	2	275 ± 25
Versperrings-toets	Vorentoe gerigte voorste en agterste sitplek	50 + 0 - 2	3	Nie gespesifiseer nie	—	—	—
	Agtertoe gerigte voorste en agterste sitplek	50 + 0 - 2	3	Nie gespesifiseer nie	30 + 2 - 0	4	Nie gespesifiseer nie

VERKLARING

Toetspuls no 1 — Soos voorgeskryf in byvoegsel 7 van hierdie spesifikasie — slag van voor.

Toetspuls no 2 — Soos voorgeskryf in byvoegsel 7 van hierdie spesifikasie — slag van agter.

Toetspuls no 3 — Spoedverminderingpuls van voertuig onderwerp aan slag van voor.

Toetspuls no 4 — Spoedverminderingpuls van voertuig onderwerp aan slag van agter.

OPM — Alle keerstelsels van groep 0 moet volgens die "agtertoe gerigte" toestande by slag van voor en slag van agter getoets word.

* Tydens kalibrering moet die stilhou-afstand 650 mm ± 30 mm wees.

** Tydens kalibrering moet die stilhou-afstand 275 mm ± 20 mm wees.

8.1.3.6 Toetspoppe

8.1.3.6.1 Die kinderkeertoestel en toetspoppe moet so geïnstalleer word dat daar aan die vereistes van 8.1.3.6.3.1 voldoen word.

8.1.3.6.2 Installering van die toetspop

8.1.3.6.3 Die kinderkeertoestel moet getoets word met gebruik van die toetspoppe wat in byvoegsel 8 van hierdie spesifikasie voorgeskryf word.

8.1.3.6.3.1 Vir slag van voor met vorentoe gerigte keertoestelle en slag van agter met agtertoe gerigte keertoestelle moet die toetspop so geplaas word dat die gaping tussen die voorkant van die toetspop en die keertoestel is; vir slag van voor met agtertoe gerigte keertoestelle moet die toetspop so geplaas word dat die gaping tussen die agterkant van die toetspop en die keertoestel is. In die geval van drawiegies moet die toetspop in 'n reguit horisontale posisie so na moontlik aan die hartlyn van die drawieg geplaas word.

8.1.3.6.3.2 Kinderkeertoestel sonder 'n stoel

Plaas die toetspop in die voertuigsitplek of toetssitplek.

Plaas 'n plank wat 25 mm dik en 200 mm breed is tussen die rug van die toetspop en die rugleuning van die voertuigsitplek of toetssitplek.

Verstel die gordel volgens die fabrikant se aanwysings wat deur die toetsowerheid verantwoord is.

8.1.3.6.3.3 Kinderkeertoestel met 'n afsonderlik verankerde stoel

Plaas die toetspop in die kinderstoel.

Plaas 'n plank wat 25 mm dik en 60 mm breed is tussen die toetspop en die rugleuning van die stoel.

Verstel die gordel volgens die fabrikant se aanwysings wat deur die toetsowerheid verantwoord is.

Plaas die toetspop en die stoel op die toetssitplek en verstel die bande van die keertoestel volgens die fabrikant se aanwysings wat deur die toetsowerheid verantwoord is. Haal die plank uit.

8.1.3.6.3.4 Die langsvlak wat deur die hartlyn van die toetspop gaan, moet halfpad tussen die twee onderste gordelverankerings geplaas word; daar moet egter ook gelet word op 8.1.3.2.1.3. In die geval van steunkussings wat met die toetspop getoets moet word wat 'n kind van 10 jaar oud verteenwoordig, moet die langsvlak wat deur die hartlyn van die toetspop gaan $75 \text{ mm} \pm 5 \text{ mm}$ na die linker- of regterkant geplaas word ten opsigte van die punt halfpad tussen die twee onderste gordelverankerings.

8.1.3.6.3.5 In die geval van keertoestelle wat die gebruik van 'n standaardgordel vereis, kan die skouerband voor die aanvang van die dinamiese toets op die toetspop geplaas word met behulp van liggewigmaskeerband wat breed en lank genoeg is. In die geval van agtertoe gerigte toestelle kan die kop van die toetspop teen die rugleuning van die keerstelsel gehou word met behulp van liggewigmaskeerband wat breed en lank genoeg is.

8.1.3.7 Kategorie toetspop wat gebruik moet word

8.1.3.7.1 Groep 0-keertoestel: toets met gebruik van 'n "pasgebore" toetspop en 'n toetspop met 'n massa van 9 kg.

8.1.3.7.2 Groep I-keertoestel: toets met gebruik van toetspoppe met 'n massa van onderskeidelik 9 kg en 15 kg.

8.1.3.7.3 Groep II-keertoestel: toets met gebruik van toetspoppe met 'n massa van onderskeidelik 15 kg en 22 kg.

8.1.3.7.4 Groep III-keertoestel: toets met gebruik van toetspoppe met 'n massa van onderskeidelik 22 kg en 32 kg.

8.1.3.7.5 Indien die kinderkeerstelsel vir twee of meer massagroepes geskik is, moet die toetse uitgevoer word met gebruik van die ligste en die swaarste toetspoppe wat hierbo vir al die betrokke groepe gespesifiseer word. Indien die konfigurasie van die keertoestel egter aansienlik van een groep na die volgende verander, bv as die konfigurasie van die harnas of die lengte van die harnas verander word, kan die toetsowerheid wat die toetse uitvoer, indien hy dit raadsaam ag, 'n toets met 'n toetspop van intermediaêre massa byvoeg.

8.2 Toetse op afsonderlike komponente

8.2.1 Gespe

8.2.1.1 Oopmaaktoets onder las

8.2.1.1.1 'n Kinderkeertoestel wat reeds aan die dinamiese toets gespesifiseer in 8.1.3 onderwerp is, moet vir hierdie toets gebruik word.

8.2.1.1.2 Die kinderkeertoestel moet van die toetswaentjie of van die voertuig afgehaal word sonder dat die gespe oopgemaak word. 'n Spanning van 200 N moet op die gespe aangewend word. Indien die gespe aan 'n onbuigsame deel vasgeheg is, moet die krag aangewend word wat die hoek weergee wat tydens die dinamiese toets deur die gespe met dié onbuigsame deel gevorm word.

8.2.1.1.3 'n Las moet teen 'n spoed van 400 mm/min \pm 20 mm/min op die geometriese middelpunt van die gespelosmaakknop opgelê word langs 'n vaste as wat parallel met die aanvanklike beweegrigting van die knop loop. Die geometriese middelpunt geld vir daardie deel van die oppervlak van die gespe waarop die losmaakdruk aangewend moet word. Die gespe moet tydens die aanwending van die oopmaakkrag teen 'n vaste steunstuk bevestig wees.

8.2.1.1.4 Die gespe-oopmaakkrag moet met behulp van 'n dinamometer of soortgelyke toestel op dieselfde wyse en in dieselfde rigting as by normale gebruik aangewend word. Die kontakpunt moet 'n gepoleerde metaalhalfsfeer met 'n radius van 2,5 mm \pm 0,1 mm wees.

8.2.1.1.5 Die gespe-oopmaakkrag moet gemeet word en enige faling moet aangeteken word.

8.2.1.2 Oopmaaktoets onder nullas

8.2.1.2.1 'n Gespesamestel wat nie voorheen aan 'n las onderwerp is nie moet in 'n "nullastoestand" gemonteer en geposisioneer word.

8.2.1.2.2 Die metode waarvolgens die gespe-oopmaakkrag gemeet word, moet dié wees wat in 8.2.1.1.3 en 8.2.1.1.4 voorgeskryf word.

8.2.1.2.3 Die gespe-oopmaakkrag moet gemeet word.

8.2.2 Versteller

8.2.2.1 Verstelgerief

8.2.2.1.1 As 'n handgewerkte versteller getoets word, moet die band, met inagneming van die normale gebruikstoestande, egalig deur die versteller getrek word teen 'n tempo van ongeveer 100 mm/s. Die maksimum krag moet tot die naaste newton gemeet word na die eerste 25 mm van bandbeweging.

8.2.2.1.2 Die toets moet in albei beweegrigtings van die band deur die versteller uitgevoer word en die band moet 10 keer aan die volle beweegsiklus onderwerp word voordat die meting gedoen word.

8.2.3 Mikroglytoets (kyk byvoegsel 5, figuur 3)

8.2.3.1 Die komponente en verstellers wat aan die mikroglytoets onderwerp moet word, moet voor die toets minstens 24 h lank in 'n atmosfeer met 'n temperatuur van $20\text{ }^{\circ}\text{C} \pm 5\text{ }^{\circ}\text{C}$ en 'n relatiewe humiditeit van $(65 \pm 5)\%$ gehou word. Die toets moet by 'n temperatuur van tussen $15\text{ }^{\circ}\text{C}$ en $30\text{ }^{\circ}\text{C}$ uitgevoer word.

8.2.3.2 Die vry ent van die band moet in dieselfde konfigurasie wees as dié waarin dit is as die versteller in die voertuig in gebruik is en mag nie aan enige ander deel vasgeheg wees nie.

8.2.3.3 Die versteller moet op 'n vertikale stuk band geplaas word waarvan een ent 'n las van 50 N dra (wat so gelei word dat daar voorkom word dat die las swaai en die band draai). Die vry ent van die band wat by die versteller uitsteek, moet vertikaal opwaarts of afwaarts gemonteer word, soos in die voertuig. Die ander ent moet oor 'n deflekteeroller loop waarvan die horisontale as parallel is met die vlak van die bandgedeelte wat die las dra. Die bandgedeelte wat oor die roller loop, moet horisontaal wees.

8.2.3.4 Die versteller wat getoets word, moet so geplaas word dat die versteller se middelpunt in die hoogste posisie waartoe die versteller gelig kan word $300\text{ mm} \pm 20\text{ mm}$ bokant 'n steunafel is en dat die las van 50 N op 'n hoogte van $100\text{ mm} \pm 20\text{ mm}$ bo die steunafel is.

8.2.3.5 Voordat daar met die toets begin word, moet twintig siklusse voltooi word. Daarna moet 1 000 siklusse teen 'n frekwensie van 0,5 siklusse per sekonde voltooi word, met 'n totale amplitude van $300\text{ mm} \pm 20\text{ mm}$ of soos in 8.2.5.2.6.2 gespesifiseer. Die las van 50 N moet slegs aangewend word tydens die tydperk wat ooreenstem met 'n verskuiwing van $100\text{ mm} \pm 20\text{ mm}$ vir elke halfperiode. Mikroglyding moet gemeet word vanaf die posisie aan die einde van die 20 siklusse voor die toets.

8.2.4 Terugtrekker

8.2.4.1 Terugtrekrag

8.2.4.1.1 Die terugtrekrag moet gemeet word met 'n toetspop in die kinderkeertoestel aangebring soos vir die dinamiese toets wat in 8.1.3 voorgeskryf word. Die bandspanning moet net voor die punt van aanraking met die toetspop gemeet word terwyl die band teen 'n spoed van ongeveer 0,6 m/min teruggetrek word.

8.2.4.2 Duursaamheid van terugtrekkermeganisme

8.2.4.2.1 Die band moet teen 'n tempo van hoogstens 30 siklusse per minuut vir die vereiste getal siklusse uitgetrek word en toegelaat word om terug te trek. In die geval van noodsluiterugtrekkers moet daar elke vyfde siklus 'n pluk gegee word om die terugtrekker te sluit. Dieselfde getal plukke moet op elk van vyf verskillende uittrekafstande gegee word, nl 90 %, 80 %, 75 %, 70% en 65 % van die totale lengte van die band op die terugtrekker. Indien die band egter langer as 900 mm is, geld bogenoemde persentasies ten opsigte van die laaste 900 mm band wat uit die terugtrekker uitgetrek kan word.

8.2.4.3 Sluit van noodsluiterugtrekkers

8.2.4.3.1 Die sluitwerking van die terugtrekker moet een maal getoets word as die band afgerol is tot sy volle lengte minus $300\text{ mm} \pm 3\text{ mm}$.

8.2.4.3.2 In die geval van 'n terugtrekker wat deur bandbeweging geaktueer word, moet die band uitgetrek word in die rigting waarin dit gewoonlik gedoen word as die terugtrekker in 'n voertuig geïnstalleer is.

8.2.4.3.3 By die toets van terugtrekkers vir gevoeligheid vir voertuigversnellings, moet hulle getoets word op die bogemelde uittrekafstand, in albei rigtings langs twee asse haaks op mekaar wat horisontaal is as die terugtrekkers in 'n voertuig geïnstalleer gaan word soos die fabrikant van die kinderkeertoestel spesifiseer. Indien dié posisie nie gespesifiseer is nie, moet die toetsowerheid die fabrikant van die kinderkeertoestel raadpleeg. Die toetsowerheid (wat die toets uitvoer) moet een van hierdie toetsrigtings so kies dat dit die ongunstigste toestande met betrekking tot die aktuering van die sluitmeganisme verteenwoordig.

8.2.4.3.4 Die ontwerp van die apparaat wat gebruik word, moet sodanig wees dat die vereiste versnelling teen 'n gemiddelde versnellings-toenametyempo van minstens 245 m/s^2 verkry word.

8.2.4.3.5 By die toets vir voldoening aan die vereistes van 7.2.3.2.1.3 en 7.2.3.2.1.4 moet die terugtrekker op 'n horisontale tafel gemonteer word en moet die tafel teen 'n spoed van hoogstens $2^\circ/\text{s}$ gekantel word totdat sluiting plaasgevind het. Die toets moet met kanteling in ander rigtings herhaal word ten einde seker te maak dat daar aan die vereistes voldoen word.

8.2.4.4 Korrosietoets

8.2.4.4.1 Die korrosietoets moet uitgevoer word soos in 8.1.1 beskryf word.

8.2.4.5 Stofbestandheidstoets

8.2.4.5.1 Die terugtrekker moet in 'n toetskamer geplaas word soos in byvoegsel 3 van hierdie spesifikasie aangetoon word. Dit moet in dieselfde posisie gemonteer word as dié waarin dit in die voertuig gemonteer word. Die toetskamer moet stof bevat soos in 8.2.4.5.2 gespesifiseer word. 'n Lengte van 550 mm van die band moet uit die terugtrekker uitgetrek word en uitgetrek gehou word, behalwe dat dit binne 1 min of 2 min na elke stofroering aan 10 volledige terugtrek-en-uittrek-siklusse onderwerp moet word. Die stof moet oor 'n tydperk van 5 uur elke 20 min 5 s lank geblaas word met druklug wat vry van olie en vog is en wat teen 'n meterdruk van $550 \text{ kPa} \pm 50 \text{ kPa}$ deur 'n opening met 'n diameter van $1,5 \text{ mm} \pm 0,1 \text{ mm}$ ingelaat word.

8.2.4.5.2 Die stof wat gebruik word in die toets wat in 8.2.4.5.1 beskryf word, moet uit ongeveer 1 kg droë kwartsstof bestaan. Die deeltjiegrootteverspreiding moet soos volg wees:

- a) korrels wat deur 'n sif met 'n openinggrootte van $150 \mu\text{m}$ en 'n draaddikte van $104 \mu\text{m}$ gaan: 99 % tot 100 %;
- b) korrels wat deur 'n sif met 'n openinggrootte van $105 \mu\text{m}$ en 'n draaddikte van $64 \mu\text{m}$ gaan: 76 % tot 86 %;
- c) korrels wat deur 'n sif met 'n openinggrootte van $75 \mu\text{m}$ en 'n draaddikte van $52 \mu\text{m}$ gaan: 60 % tot 70 %.

8.2.5 Statiese toets vir bande

8.2.5.1 Toets vir bandsterkte

8.2.5.1.1 Elke toets moet uitgevoer word op twee nuwe monsters van die band wat gekondisioneer is soos in 7.2.4 gespesifiseer word.

8.2.5.1.2 Elke band moet tussen die klampe van 'n trektoetsmasjien vasgeklem word. Die klampe moet so ontwerp wees dat breuk van die band by of naby die klampe verhoed word. Die beweegspoed moet ongeveer 100 mm/min wees. Die vry lengte van die eksemplaar tussen die klampe van die masjien aan die begin van die toets moet $200 \text{ mm} \pm 40 \text{ mm}$ wees.

8.2.5.1.3 Die spanning moet verhoog word totdat die band breek en die breeklas moet aangeteken word.

8.2.5.1.4 Indien die band by of binne 10 mm van een van die klampe af gly of breek, moet daar geag word dat die toets ongeldig is en moet 'n nuwe toets op 'n ander eksemplaar uitgevoer word.

8.2.5.2 Eksemplare wat uit bande gesny is, moet soos in 8.2.5.2.1 tot 8.2.5.2.6 gekondisioneer word.

8.2.5.2.1 Kamerkondisionering

8.2.5.2.1.1 Die band moet 24 h lank in 'n atmosfeer met 'n temperatuur van $20^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$ en 'n relatiewe humiditeit van $(65 \pm 5)\%$ gehou word. Indien die toets nie onmiddellik ná kondisionering uitgevoer word nie, moet die eksemplaar in 'n hermeties verseëelde houer geplaas word totdat die toets begin. Die breekklas moet bepaal word binne 5 min nadat die band uit die kondisioneeratmosfeer of uit die houer gehaal is.

8.2.5.2.2 Ligkondisionering

8.2.5.2.2.1 Die apparaat beskryf in SABS-metode 405, *Tekstielstowwe – Kleurvastheid teen kunsmatige lig – Xenonbooglamp-verbleiktoets*, moet gebruik word en die toetsband moet minstens 1,3 m lank wees.

'n Middelgedeelte van die band, wat minstens 200 mm lank is, moet aan lig blootgestel word vir die tydperk wat nodig is om verbleiking van ligvastheidstandaard no 7 tot 'n kontras gelyk aan graad no 4 op die grysskaal teweeg te bring.

8.2.5.2.2.2 Na blootstelling moet die band minstens 24 h lank in 'n atmosfeer met 'n temperatuur van $20^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$ en 'n relatiewe humiditeit van $(65 \pm 5)\%$ gehou word. Die breekklas moet bepaal word binne 5 min nadat die band uit die kondisioneerapparaat gehaal is.

8.2.5.2.3 Kouekondisionering

8.2.5.2.3.1 Die band moet minstens 24 h lank in 'n atmosfeer met 'n temperatuur van $20^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$ en 'n relatiewe humiditeit van $(65 \pm 5)\%$ gehou word.

8.2.5.2.3.2 Die band moet dan 1,5 h lank op 'n gelyk oppervlak gehou word in 'n laetemperatuurkamer waarin die lugtemperatuur $-15^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$ is. Dit moet dan gevou word en die vou moet belas word met 'n massastuk van 2 kg wat vooraf tot $-15^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$ afgekoel is. Nadat die band 30 min lank in dieselfde laetemperatuurkamer onder belasting gehou is, moet die massastuk verwyder word en moet die breekklas gemeet word binne 5 min nadat die band uit die laetemperatuurkamer gehaal is.

8.2.5.2.4 Hittekondisionering

8.2.5.2.4.1 Die band moet 3 h lank in 'n verhittingskabinet in 'n atmosfeer met 'n temperatuur van $60^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$ en 'n relatiewe humiditeit van $(65 \pm 5)\%$ gehou word.

8.2.5.2.4.2 Die breekklas moet bepaal word binne 5 min nadat die band uit die verhittingskabinet gehaal is.

8.2.5.2.5 Blootstelling aan water

8.2.5.2.5.1 Die band moet 3 h lank heeltemal ondergedompel gehou word in gedistilleerde water by 'n temperatuur van $20^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$, waarby 'n spoor van benattingsmiddel gevoeg is. Enige benattingsmiddel wat geskik is vir die vesel wat getoets word, kan gebruik word.

8.2.5.2.5.2 Die breekklas moet bepaal word binne 10 min nadat die band uit die water gehaal is.

8.2.5.2.6 Skuurkondisionering

8.2.5.2.6.1 Die komponente of toestelle wat aan die skuurtoets onderwerp moet word, moet minstens 24 h lank voor die toets in 'n atmosfeer met 'n temperatuur van $20^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$ en 'n relatiewe humiditeit van $(65 \pm 5)\%$ gehou word. Die kamertemperatuur tydens die toets moet tussen 15°C en 30°C wees.

8.2.5.2.6.2 Die algemene toestande vir elke toets word in die tabel hieronder uiteengesit:

1	2	3	4	5
	Las N	Frekwensie Hz	Siklusse Getal	Verskuiwing mm
Tipe 1-prosedure	10	30	1 000	300 ± 20
Tipe 2-prosedure	5	30	5 000	300 ± 20

Indien daar nie voldoende band is om die toets oor 'n verskuiwing van 300 mm uit te voer nie, kan die toets oor 'n korter lengte uitgevoer word, mits dit minstens 100 mm is.

8.2.5.2.6.3 Besondere toetstoestande

8.2.5.2.6.3.1 Tipe 1-prosedure (vir gevalle waar die band deur die snelversteller gaan)

Die las van 10 N moet vertikaal en ononderbroke op een van die bande aangewend word. Die ander band, wat in 'n horisontale stand is, moet bevestig word aan 'n toestel wat die band heen en weer kan laat beweeg. Die versteller moet so geplaas word dat die horisontale band onder spanning bly (kyk figuur 1 van byvoegsel 5 van hierdie spesifikasie).

8.2.5.2.6.3.2 Tipe 2-prosedure (vir gevalle waar die band van rigting verander as dit deur 'n onbuigsame deel gaan)

Tydens hierdie toets moet die hoeke van albei bande wees soos in figuur 2 van byvoegsel 5 van hierdie spesifikasie aangetoon word. Die las van 5 N moet ononderbroke aangewend word. Vir gevalle waar die band meer as een keer van rigting verander as dit deur 'n onbuigsame deel gaan, kan die las van 5 N verhoog word om die voorgeskrewe 300 mm bandbeweging deur dié onbuigsame deel te bereik.

8.3 Geskrap

8.4 Hoëspoedfilms

8.4.1 Die gedrag van die toetspop en die verskuiwing daarvan moet met behulp van 'n hoëspoed-kamera bepaal word.

8.4.2 'n Kalibreerskerm moet stewig op die waentjie of in die voertuigstruktuur gemonteer word sodat die verskuiwing van die toetspop bepaal kan word.

9 tot 13 Gereserveer

14 Aanwysings

14.1 Elke kinderkeertoestel moet van aanwysings in Engels sowel as in Afrikaans vergesel wees. Die aanwysings moet wees soos in 14.2 en 14.3 uiteengesit word.

14.2 Die installeringsaanwysings moet die volgende insluit:

14.2.1 Die lys voertuie en voertuigmodelle waarvoor die kinderkeertoestel bedoel is, moet duidelik by die verkooppunt sigbaar wees sonder dat die verpakking verwyder word. (Dié lys word nie in die geval van stelsels van die "universele kategorie" vereis nie.) Indien die kinderkeertoestel 'n veiligheids-gordel vir volwassenes vereis, moet die volgende bewoording by hierdie lys gevoeg word: "Slegs geskik vir voertuie toegerus met skoot/3-punt/statiese/terugtrekker-veiligheidsgordels, wat voldoen aan SABS 1080 of ander ekwivalente spesifikasies". (Skrup skoot/3-punt, ens, soos toepaslik.) In die geval van drawiegkeertoestelle moet 'n lys van drawiegies waarvoor die toestel geskik is, aangegee word.

14.2.2 Die installeringsmetode, geïllustreer deur middel van foto's of duidelike tekeninge of albei.

14.2.3 Raad aan die gebruiker met die strekking dat die onbuigsame items en plastiekdele van 'n kinderkeertoestel so geplaas en geïnstalleer moet word dat hulle nie tydens alledaagse gebruik van die voertuig deur 'n beweegbare sitplek of in 'n deur van die voertuig vasgevang kan word nie.

14.2.3.1 Die gebruiker moet aangeraai word dat drawiegies loodreg op die langsas van die voertuig gebruik moet word.

14.3 Die gebruiksaanwysings moet die volgende insluit:

14.3.1 Die massagroep(e) waarvoor die toestel bedoel is.

14.3.2 Indien die kinderkeertoestel saam met 'n veiligheidsgordel vir volwassenes gebruik word, die tipe veiligheidsgordel wat gebruik moet word, deur middel van die volgende bewoording: "Slegs geskik vir gebruik in die gelyste voertuie toegerus met skoot/3-punt/statiese/terugtrekker-veiligheidsgordels wat aan SABS 1080 of ander ekwivalente spesifikasies voldoen". (Skrap skoot/3-punt, ens, soos toepaslik.)

14.3.3 Die gebruiksmetode, geïllustreer deur middel van foto's of duidelike tekeninge of albei.

14.3.4 Die werking van die gespe en verstellers duidelik uiteengesit.

14.3.5 'n Aanbeveling dat bande wat die keertoestel aan die voertuig bevestig, nousluitend moet pas, dat bande wat die kind teëhou, volgens die kind se liggaam verstel moet word en dat bande nie gedraai moet wees nie.

14.3.6 Die belangrikheid daarvan dat daar verseker word dat 'n skootband laag gedra word sodat die bekken stewig teëgehou word.

14.3.7 'n Aanbeveling dat die keertoestel vervang moet word as dit aan hewige spannings in 'n ongeluk onderwerp was.

14.3.8 Skoonmaakaanwysings.

14.3.9 'n Algemene waarskuwing aan die gebruiker dat dit gevaarlik is om sonder die goedkeuring van die bevoegde owerheid enige veranderings of byvoegings aan die keertoestel aan te bring, en dat dit gevaarlik is om nie die installeringsaanwysings deur die fabrikant van die kinderkeertoestel verskaf, stiptelik te volg nie.

14.3.10 Indien 'n stoel nie van 'n tekstielbedekking voorsien is nie, 'n aanbeveling dat die stoel van sonlig weggehou word, anders kan dit te warm vir die kind se vel wees.

14.3.11 'n Aanbeveling dat kinders nie sonder toesig in kinderkeerstelsels gelaat word nie.

15 Gereserveer


16 Gereserveer

Byvoegsel 1 Gereserveer

Byvoegsel 2 Gereserveer

Byvoegsel 3**Rangskikking van apparaat vir stofbestandheidstoets**

Afmetings in millimeter



Tek.8772/A

Byvoegsel 4

Korrosietoets

1 Toetsapparaat

1.1 Die apparaat moet uit 'n miskamer, 'n soutoplossingsreservoir, 'n toevoer druklug wat op geskikte wyse gekondisioneer is, een of meer verstuiwers, monstersteunstukke, voorsiening vir die verhitting van die kamer en die nodige kontrolemiddele bestaan. Die grootte en konstruksiebesonderhede van die apparaat is opsioneel, mits daar aan die toetstoestande voldoen word.

1.2 Die ontwerp van die apparaat moet sodanig wees dat druppels van die oplossing wat teen die plafon of op die bedekking van die kamer vergaar het, nie op die toetsmonsters val nie.

1.3 Druppels van die oplossing wat van die toetsmonsters afval, mag nie na die reservoir teruggelei word en weer verstui word nie.

1.4 Die apparaat mag nie gemaak wees van materiaal wat 'n invloed op die korrosiewerking van die mis het nie.

2 Plasing van toetsmonsters in die miskamer

2.1 Monsters, uitgesonderd terugtrekkers, moet tussen 15° en 30° uit die vertikaal en verkieslik parallel met die hoofrigting van horisontale vloei van mis deur die kamer, gesteun of opgehang word, gegrond op die dominante oppervlak wat getoets word.

2.2 'n Terugtrekker moet so gesteun of opgehang word dat die as van die tol waarop die band opgerol word, loodreg op die hoofrigting van horisontale vloei van mis deur die kamer is. Die bandopening in die terugtrekker moet ook in dié hoofrigting wys.

2.3 Elke monster moet so geplaas word dat die mis vrylik op alle monsters kan neersak.

2.4 Elke monster moet so geplaas word dat daar verhoed word dat die soutoplossing van een monster op 'n ander drup.

3 Soutoplossing

3.1 Die soutoplossing moet berei word deur 5 ± 1 massadele natriumchloried in 95 dele gedistilleerde water op te los. Die sout moet natriumchloried wees wat wesenlik vry van nikkel en koper is en wat in die droë toestand hoogstens 0,1 % natriumjodied en hoogstens 0,3 % totale onsuierhede bevat.

3.2 Die oplossing moet sodanig wees dat as dit by 35 °C verstui word, die pH-waarde van die opgevangde oplossing binne die bestek 6,5 tot 7,2 is.

4 Drukluug

4.1 Die drukluugtoevoer na die sproeikop of sproeikoppe vir die verstuiwing van die soutoplossing moet vry van olie en onsuierhede wees en moet by 'n druk van tussen 70 kPa en 170 kPa gehou word.


5 Toestande in die miskamer

5.1 Die blootstellingsone van die miskamer moet by $35^{\circ}\text{C} \pm 5^{\circ}\text{C}$ gehou word. Minstens twee skoon misopvangers moet in die blootstellingsone geplaas word om te voorkom dat druppels van die oplossing van die toetsmonsters of enige ander bron vergaar. Die opvangers moet naby die toetsmonsters geplaas word, een so naby moontlik aan 'n sproeikop en een so ver moontlik van alle sproeikoppe af. Die mis moet sodanig wees dat, vir elke 80 cm^2 horisontale opvanggebied, tussen $1,0\text{ ml}$ en $2,0\text{ ml}$ van die oplossing per uur in elke opvanger versamel word, gemiddeld oor minstens 16 h gemeet.


5.2 Die sproeikop of sproeikoppe moet so gerig of afgeskerm word dat die sproei die toetsmonsters nie regstreeks tref nie.

Byvoegsel 5

Skuur- en mikroglytoets




Voorbeeld a




Voorbeeld b

Tek10281/A

Figuur 1 – Prosedure tipe 1
 Voorbeelde van toetsrangskikkings ooreenkomstig die tipe verseller



Figuur 2 – Prosedure tipe 2



Totale beweegafstand: 300 mm \pm 20 mm

Die las van 50 N op die toetstoestel moet op so 'n wyse vertikaal gelei word dat daar verhoed word dat die las swaai of die band draai.

Die vashegtoestel moet op dieselfde wyse as in die voertuig aan die las van 50 N bevestig word.

Figuur 3 – Mikroglytoets

Byvoegsel 6

Beskrywing van waentjie

1 Waentjie

1.1 In die geval van toetse op kinderkeertoestelle moet die waentjie met slegs die toetssitplek daarop 'n massa van $400 \text{ kg} \pm 20 \text{ kg}$ hê. In die geval van toetse op keerstelsels moet die waentjie met die voertuigstruktuur daarop bevestig 'n nominale massa van 800 kg hê. Indien dit nodig is, kan die totale massa van die waentjie en voertuigstruktuur egter met inkremente van 200 kg verhoog word. Die totale massa mag in geen geval met meer as 40 kg van die nominale waarde verskil nie.

2 Kalibreerskerm

2.1 'n Kalibreerskerm moet stewig aan die waentjie bevestig wees. 'n Bewegingsgrenslyn moet duidelik daarop aangebring wees sodat voldoening aan die maatstawwe vir voorwaartse beweging aan die hand van fotografiese rekords bepaal kan word.

3 Toetssitplek

3.1 Die toetssitplek moet die volgende konstruksie hê (kyk aanhangsel 1):

3.1.1 'n onbuigsame rugleuning, 500 mm hoog, vas, bedek met poliuretaanskuim met 'n dikte van 70 mm (waarvan die eienskappe in die tabel hieronder (kyk 3.1.5) aangegee word) en 20° na agter gekantel. Die onderste deel van die rugleuning is van buis met 'n diameter van 20 mm gemaak;

3.1.2 'n sitgedeelte gemaak van die materiaal wat in aanhangsel 1 van hierdie byvoegsel beskryf word. Die agterste deel van die sitgedeelte is van onbuigsame plaatmetaal, waarvan die borand 'n buis met 'n diameter van 20 mm is. Vir die toetse word die sitgedeelte bedek met ligte tekstielstof wat nie die onbuigsamheid sal beïnvloed nie;

3.1.3 daar is 'n opening gelaat tussen die rugleuning en die kussing van die toetssitplek soos in aanhangsel 1 van hierdie byvoegsel beskryf word;

3.1.4 die breedte van die toetssitplek is 800 mm ;

3.1.5 eienskappe van poliuretaanskuimvulstof:


1	2
Digtheid (kg/m^3)	35 - 45
Drasterkte (kPa): • *p - 25 % p - 50 % p - 65 %	$2,5 \pm 0,5$ $3,7 \pm 0,5$ $5,0 \pm 0,5$
Drasterktefaktor: p - 65 %/p - 25 %	< 2,5
Permanente drukvervorming (%)	< 15
Skeursterkte (N/m)	≥ 500
Breeksterkte (kPa)	≥ 100
Breekverlenging (%)	≥ 100
*p = aanvanklike dikte van poliuretaanskuim.	

3.2 Toets van agtertoe gerigte keertoestelle

3.2.1 'n Spesiale raamwerk moet op die waentjie aangebring word om die kinderkeertoestel te steun soos in figuur 1 aangetoon word.

3.2.2 'n Staalbuis moet op so 'n wyse stewig aan die waentjie bevestig wees dat 'n las van 5 000 N wat horisontaal op die middel van die buis opgelê word, nie 'n beweging van meer as 2 mm sal veroorsaak nie.

3.2.3 Die afmetings van die buis moet 500 mm x 100 mm (buitediameter) x 90 mm (binnediameter) wees.



Figuur 1 – Rangskikking vir toets van 'n agtertoe gerigte keertoestel

4 Stuiter

4.1 Die stuiter moet bestaan uit twee identiese absorbeërs wat parallel gemonteer is.

4.2 Indien nodig, moet 'n bykomende absorbeër vir elke toename van 200 kg in nominale massa gebruik word. Elke absorbeër moet bestaan uit:

4.2.1 'n buiteomhulsel wat uit 'n staalbuis gevorm is;

4.2.2 'n energieabsorbeerbuis van poliuretaan;

4.2.3 'n olyfvormige knop van gepoleerde staal wat in die absorbeër indring; en

4.2.4 'n stang en 'n slagplaat.

4.3 Die afmetings van die verskillende dele van die absorbeër moet wees soos in die diagramme in aanhangsel 2 en 3 van hierdie byvoegsel aangetoon word.

4.4 Die eienskappe van die absorbeermateriaal moet wees soos in tabel 1 en tabel 2 van hierdie aanhangsel aangegee word.

4.5 Die stuiersamestel moet minstens 12 h lank by 'n temperatuur van tussen 15 °C en 25 °C gehou word voordat dit vir die kalibreertoets beskryf in byvoegsel 7 van hierdie spesifikasie gebruik word. Die stuiersamestel moet ten opsigte van elke tipe toets aan die prestasievereistes voorgeskryf in byvoegsel 7, aanhangsel 1 en 2 voldoen. In die geval van dinamiese toets op 'n kinderkeertoestel, moet die stuiersamestel minstens 12 h lank tot binne 2 °C by dieselfde temperatuur gehou word as dié waarby dit voor die kalibreertoets gehou word. 'n Ander inrigting waarmee gelykwaardige resultate verkry word, word geag aanneemlik te wees.

Tabel 1

1	2
Eienskappe van die absorbeermateriaal "A" (moet deur geskikte metodes bepaal word ¹⁾)	
Shore-hardheid A:	95 ± 2 by 'n temperatuur van 20 °C ± 5 °C
Breeksterkte:	$R_0 \geq 34,3$ MPa
Minimum verlenging:	$A_0 \geq 400$ %
Modulus by 100 % verlenging:	$\geq 10,8$ MPa
by 300 % verlenging:	$\geq 23,5$ MPa
Permanente drukvervorming:	22 h by 70 °C ≥ 45 %
Digtheid by 25 °C:	1,05 g/cm ³ tot 1,10 g/cm ³
Veroudering in lug (volgens 'n geskikte metode ²⁾), 70 h by 100 °C	Shore-hardheid: maks variasie ± 3 Breeksterkte: vermindering < 10 % van R_0 Verlenging: vermindering < 10 % van A_0 Massa: vermindering < 1 %
Indompeling in olie (met gebruik van geskikte olie ³⁾), 70 h by 100 °C	Shore-hardheid: maks variasie ± 4 Breeksterkte: vermindering < 15 % van R_0 Verlenging: vermindering 10 % van A_0 Volume: uitswelling 5 %
Indompeling in olie (met gebruik van geskikte olie ⁴⁾), 70 h by 100 °C	Breeksterkte: vermindering < 15 % van R_0 Verlenging: vermindering < 15 % van A_0 Volume: uitswelling < 20 %
Indompeling in gedistilleerde water, 1 week by 70 °C	Breeksterkte: vermindering < 35 % van R_0 Verlenging: toename < 20 % van A_0

Tabel 2


1	2
Eienskappe van die absorbeermateriaal "B" (moet deur geskikte metodes bepaal word ¹⁾)	
Shore-hardheid A:	88 ± 2 by 'n temperatuur van $20\text{ }^{\circ}\text{C} \pm 5\text{ }^{\circ}\text{C}$
Breeksterkte:	$R_o \geq 29,4\text{ MPa}$
Minimum verlenging:	$A_o \geq 400\%$
Modulus by 100 % verlenging:	$\geq 6,9\text{ MPa}$
by 300 % verlenging:	$\geq 12,7\text{ MPa}$
Permanente drukvervorming:	22 h by $70\text{ }^{\circ}\text{C} \geq 45\%$
Digtheid by $25\text{ }^{\circ}\text{C}$:	$1,08\text{ g/cm}^3$ tot $1,12\text{ g/cm}^3$
Veroudering in lug (volgens 'n geskikte metode ⁵⁾), 70 h by $100\text{ }^{\circ}\text{C}$	Shore-hardheid: maks variasie ± 3 Breeksterkte: vermindering $< 10\%$ van R_o Verlenging: vermindering $< 10\%$ van A_o Massa: vermindering $< 1\%$
Indompeling in olie (volgens 'n geskikte metode ⁶⁾), 70 h by $100\text{ }^{\circ}\text{C}$	Shore-hardheid: maks variasie ± 4 Breeksterkte: vermindering $< 15\%$ van R_o Verlenging: vermindering 10% van A_o Volume: uitswelling 5%
Indompeling in olie (volgens 'n geskikte metode ⁷⁾), 70 h by $100\text{ }^{\circ}\text{C}$	Breeksterkte: vermindering $< 15\%$ van R_o Verlenging: vermindering $< 15\%$ van A_o Volume: uitswelling $< 20\%$
Indompeling in gedistilleerde water, 1 week by $70\text{ }^{\circ}\text{C}$	Breeksterkte: vermindering $< 35\%$ van R_o Verlenging: toename $< 20\%$ van A_o

- 1) Geskikte metodes kan gevind word in ASTM 2000, *Standard classification system for rubber products in automotive applications*. Die toepaslike ASTM-standaard kan van ASTM, 1916 Race Street, Philadelphia, PA 19103, VSA, of van die SABS verkry word.
- 2) 'n Geskikte metode is ASTM D 573.
- 3) Geskikte olie is ASTM-verwysingsolie no 1.
- 4) Geskikte olie is ASTM-verwysingsolie no 3. ASTM-verwysingsolies is verkrygbaar by Penreco, 4426 East Washington Blvd., Los Angeles, CA 90023-4476, VSA.
- 5) 'n Geskikte metode is ASTM D 573.
- 6) 'n Geskikte metode is ASTM D 471, met gebruik van olie no 1.
- 7) 'n Geskikte metode is ASTM D 471, met gebruik van olie no 3.

Byvoegsel 6 — Aanhangel 1

Afmetings van die sitplek op die waentjie

Afmetings in millimeter




OPM — 'n Afwyking van die langsas van die bonte deur die verankerings A en B van die vertikaal word toegelaat om voldoende vry ruimte vir die standaardverankeringsplaat te skep, soos in figuur 2 van byvoegsel 13 van hierdie spesifikasie omskryf word. Verankeringspunt A lê op dieselfde lyn as A₁, R₁, B en B₁ (kyk figuur op volgende bladsy).

Byvoegsel 6 — Aanhangsel 1 (vervolg)**Posisie van die sitplek op die waentjie**

Agteraansig van sitplek

Afmetings in millimeter




Tek.14174-AC

Byvoegsel 6 — Aanhangel 2


Stuiter

Slag van voor

Afmetings in millimeter



Figuur 1(a) — Materiaal A



Afmetings in millimeter

Figuur 1(b) — Materiaal B


Byvoegsel 6 — Aanhangsel 2

Stuiter


Olyfvormige knop

Slag van voor

Afmetings in millimeter




Figuur 2



Figuur 3

* Hierdie afmeting kan effens wissel as gevolg van toleransies by die vervaardiging van poliuretaan-buise.


Byvoegsel 6 — Aanhangsel 3



*Speling bepaal volgens buitendiameter van die poliuretaanbuis (ligte stootpassing)

Figuur 4

Byvoegsel 6 — Aanhangsel 3



Figuur 5


Figuur 6 – Gereserveer

Figuur 7 – Gereserveer

Byvoegsel 6 — Aanhangsel 4

Rangskikking en gebruik van verankerings op die toetswaentjie

- 1** Die verankerings moet geplaas word soos in die figuur hieronder aangetoon word.
- 2** Verankerings A, B en C (C is opsioneel) wat aan die vereistes van SABS 1429:1987, *Motorvoertuig-veiligheidspesifikasie vir sterkte van sitplekke en hul verankerings*, voldoen, moet vir kinderkeertoestelle van die "universele" kategorie gebruik word.
- 3** Verankerings A, B en D moet vir kinderkeertoestelle van die "semi-universele" kategorie wat slegs een bykomende boonste verankering het, gebruik word.
- 4** Verankerings A, B, E en F moet vir kinderkeertoestelle van die "semi-universele" kategorie wat twee bykomende boonste verankerings het, gebruik word.
- 5** Verankeringspunte R_1 , R_2 , R_3 , R_4 en R_5 is die bykomende verankeringspunte vir agtertoe gerigte kinderkeerstelsels van die "semi-universele" kategorie met een of meer bykomende verankerings (kyk 8.1.3.5.5 van hierdie spesifikasie).
- 6** Die punte, wat met die rangskikking van die verankerings ooreenstem, toon waar die gordelente met die waentjie of met die lasoordraer, wat die geval ook al is, verbind moet word. Die struktuur wat die verankerings dra, moet onbuigsaam wees. Die boonste verankerings mag nie meer as 0,2 mm in die langrigting verskuif as 'n las van 980 N in daardie rigting daarop aangelê word nie. Die waentjie moet so gemaak wees dat geen permanente vervorming voorkom in die dele wat die verankerings tydens die toets dra nie.
- 7** In die geval van drawiegies van groep 0 wat langer as 400 mm is, kan punt A_1 en B_1 as alternatiewe verankeringspunte gebruik word, soos die fabrikant van die keerstelsels spesifiseer. A_1 en B_1 is op 'n lyn deur A en B en op 'n afstand van 350 mm van R_1 af geleë.



Afmetings in millimeter

Die afstande d_1 en d_2 moet soos volg wees:

d_1 = 200 mm in die geval van voertuie met 'n pakkiesrak (F_1 , D_1 , E_1)

d_2 = 900 mm in die geval van voertuie met agterste sitplekke wat terugvou (stasiewatipe) (F_2 , D_2 , E_2)

Byvoegsel 7

Kromme van die waentjie se spoedvermindering as 'n funksie van tyd

1 Die spoedverminderingkromme van die waentjie wat met inerte massastukke beswaar is sodat 'n totale massa van $455 \text{ kg} \pm 20 \text{ kg}$ verkry word in die geval van kinderkeertoesteltoetse wat volgens 8.1.3.1 van hierdie spesifikasie uitgevoer word en 'n totale massa van $910 \text{ kg} \pm 40 \text{ kg}$ in die geval van kinderkeertoesteltoetse wat volgens 8.1.3.2 van hierdie spesifikasie uitgevoer word waar die nominale massa van die waentjie en voertuigstruktuur 800 kg is, moet in die geval van slag van voor binne die gearseerde deel bly wat in aanhangsel 1 van hierdie byvoegsel aangetoon word en in die geval van slag van agter, binne die gearseerde deel wat in aanhangsel 2 van hierdie byvoegsel aangetoon word.

2 Indien nodig, kan die nominale massa van die waentjie en aangehegte voertuigstruktuur vir elke inkrement van 200 kg met 'n bykomende inerte massa van 28 kg verhoog word. Die totale massa van die waentjie, die voertuigstruktuur en inerte massastukke mag in geen geval met meer as 40 kg van die nominale waarde vir kalibreertoetse verskil nie. Tydens kalibrering van die stuurer moet die stilhouafstand $650 \text{ mm} \pm 30 \text{ mm}$ wees in die geval van slag van voor en $275 \text{ mm} \pm 20 \text{ mm}$ in die geval van slag van agter.


OPM – Die kalibreer- en meetprosedures moet ooreenstem met dié wat in 'n geskikte prosedure¹⁾ omskryf word en die meettoerusting moet ooreenstem met die spesifikasie van 'n datakanaal met 'n kanaalfrekwensieklas (KFK) 60.

1) 'n Geskikte prosedure word in ISO 6487:1980 aangegee.

Byvoegsel 7 — Aanhangsel 1**Krommes van die waentjie se spoedvermindering
as 'n funksie van tyd**

(kromme vir kalibrering van stuur)


Slag van voor

Toetsspoed: $50 \text{ km/h} + \frac{0}{2} \text{ km/h}$ Stilhou-afstand: $650 \text{ mm} \pm 30 \text{ mm}$ 

Byvoegsel 7 — Aanhangsel 2**Krommes van die waentjie se speedvermindering
as 'n funksie van tyd**

(kromme vir kalibrering van stouter)

Slag van agter



Byvoegsel 8

Beskrywing van toetspoppe

1 Algemeen

1.1 Die afmetings en massawaardes van die toetspoppe is gebaseer op dié van kinders van die 50ste persentiel van nege maande, drie, ses en tien jaar.

1.2 Die toetspoppe bestaan uit 'n metaal-en-poliësterskelet met liggaamskomponente van gegiet poliuretaan.

1.3 Gereserveer

2 Konstruksie (kyk die aanhangsel by hierdie byvoegsel)

2.1 Kop

2.1.1 Die kop is van poliuretaan gemaak en met metaalstroke versterk. Meettoerusting kan binne-in die kop op 'n poliamiedblok by die swaartepunt geïnstalleer word.

2.2 Werwels

2.2.1 Nekwerwels

2.2.1.1 Die nek is gemaak van vyf poliuretaanringe wat 'n kern van poliamiedelemente bevat. Die atlas-aksisblok is van poliamied gemaak.

2.2.2 Lumbale werwels

2.2.2.1 Die vyf lumbale werwels is van poliamied gemaak.

2.3 Bors

2.3.1 Die skelet van die bors bestaan uit 'n buisstaalraam waaraan die armgewrigte gemonteer is. Die rugstring bestaan uit 'n staalkabel met vier skroefdraadeindpunte.

2.3.2 Die skelet is met poliuretaan bedek. Meettoerusting kan in die borsholte aangebring word.

2.4 Ledemate

2.4.1 Die arms en bene is ook van poliuretaan gemaak wat met metaalelemente in die vorm van vierkantbuis, stroke en plate versterk is.

Die knieë en elmboë het verstelbare skarniergewrigte. Die gewrigte van die bo-arm en bobeen bestaan uit verstelbare koeëlgewrigte.

2.5 Bekken

2.5.1 Die bekken is van glasversterkte poliëster gemaak wat met poliuretaan bedek is.

2.5.2 Die fatsoen van die boonste deel van die bekken, wat belangrik is vir die bepaling van gevoeligheid vir buikbelasting, is sover moontlik 'n nabootsing van die fatsoen van 'n kind se bekken.

2.5.3 Die heupgewrigte is net onder die bekken geleë.

2.6 Saamstel van die toetspop

2.6.1 Nek-bors-bekken

2.6.1.1 Die lumbale werwels en die bekken word op die staalkabel ingeryg en die spanning word met behulp van 'n moer verstel. Die nekwerwels word op dieselfde wyse gemonteer en verstel. Aangesien die staalkabel nie vrylik deur die bors moet beweeg nie, moet dit onmoontlik wees om die spanning van die lumbale werwels van die nek af te verstel, of omgekeerd.

2.6.2 Kop-nek

2.6.2.1 Die kop word deur middel van 'n bout en moer deur die atlas-aksis-blok gemonteer en verstel.

2.6.3 Romp-ledemate

2.6.3.1 Die arms en bene word deur middel van koeëlgewrigte op die romp gemonteer en verstel.

2.6.3.2 Die koeëlgedeeltes word in die geval van die armgewrigte op die romp en in die geval van die beengewrigte op die bene aangebring.

3 Hoofeienskappe

3.1 Massa


Tabel 1

1	2	3	4	5
Komponent	Massa, volgens ouderdomsgroep kg			
	9 maande	3 jaar	6 jaar	10 jaar
Kop en nek	2,20 ± 0,10	2,70 ± 0,10	3,45 ± 0,10	3,60 ± 0,10
Romp	3,40 ± 0,10	5,80 ± 0,15	8,45 ± 0,20	12,30 ± 0,30
Bo-arm (2 x)	0,70 ± 0,05	1,10 ± 0,05	1,85 ± 0,10	2,00 ± 0,10
Onderarm (2 x)	0,45 ± 0,05	0,70 ± 0,05	1,15 ± 0,05	1,60 ± 0,10
Bobeen (2 x)	1,40 ± 0,05	3,00 ± 0,10	4,10 ± 0,15	7,50 ± 0,15
Onderbeen (2 x)	0,85 ± 0,05	1,70 ± 0,10	3,00 ± 0,10	5,00 ± 0,15
Totaal	9,00 ± 0,20	15,00 ± 0,30	22,00 ± 0,50	32,00 ± 0,70

3.2 Hoofafmetings

3.2.1 Die hoofafmetings, gebaseer op figuur 1 van hierdie byvoegsel, word in tabel 2 aangegee.

Afmetings in millimeter



Figuur 1 — Hoofafmetings van toetspoppe

Tabel 2

1	2	3	4	5	6
No	Afmettings	Afmettings, volgens ouderdomsgroep mm			
		9 maande	3 jaar	6 jaar	10 jaar
1	Agterkant van boude tot voorkant van knie	195	334	378	456
2	Agterkant van boude tot waai van knie, sittend	145	262	312	376
3	Swaartepunt tot sitvlak	180	190	190	200
4	Borsomtrek	440	510	580	660
5	Borsdiepte	102	125	135	142
6	Afstand tussen skouerblaaie	170	215	250	295
7	Kopbreedte	125	137	141	141
8	Koplengte	166	174	175	181
9	Heupomtrek, sittend	510	590	668	780
10	Heupomtrek, staande (nie aangetoon nie)	470	550	628	740
11	Heupdiepte, sittend	125	147	168	180
12	Heupbreedte, sittend	166	206	229	255
13	Nekbreedte	60	71	79	89
14	Sitvlak tot elmboog	135	153	155	186
15	Skouerbreedte	216	249	295	345
16	Ooghoogte, sittend	350	460	536	625
17	Hoogte, sittend	450	560	636	725
18	Skouerhoogte, sittend	280	335	403	483
19	Sool tot waai van knie, sittend	125	205	283	355
20	Lengte (nie aangetoon nie)	708	980	1 166	1 376
21	Dyhoogte, sittend	70	85	95	106

4 Verstelling van gewrigte

4.1 Algemeen

4.1.1 Ten einde reproduceerbare resultate met behulp van die toetspoppe te verkry, moet die wrywing in die verskillende gewrigte, die spanning in die nek- en lumbale kables en die styfheid van die buik-insetsel op die gespesifieerde waardes ingestel word.

4.2 Verstelling van die nekkabel


4.2.1 Plaas die romp op sy rug op 'n horisontale vlak.

4.2.2 Monteer die volledige neksamestel sonder die kop.

4.2.3 Draai die spanmoer op die atlas-aksis-blok vas.

4.2.4 Plaas 'n geskikte staaf of bout deur die atlas-aksis-blok.

4.2.5 Draai die spanmoer los totdat die atlas-aksis-blok $10 \text{ mm} \pm 1 \text{ mm}$ sak as 'n las van 50 N in 'n afwaartse rigting op die staaf of bout deur die atlas-aksis-blok opgelê word (kyk figuur 2).



Figuur 2


4.3 Atlas-aksis-gewrig

4.3.1 Plaas die romp op sy rug op 'n horisontale vlak.

4.3.2 Monteer die volledige nek-en-kop-samestel.

4.3.3 Draai die bout en stelmoer deur die kop en die atlas-aksis-blok vas met die kop in 'n horisontale posisie.

4.3.4 Draai die stelmoer los totdat die kop beweeg kan word (kyk figuur 3).



Figuur 3

4.4 Heupgewrig


4.4.1 Plaas die bekken op sy voorkant op 'n horisontale vlak.

4.4.2 Monteer die die bobeen sonder die onderbeen.

4.4.3 Draai die stelmoer vas met die bobeen in 'n horisontale posisie.

4.4.4 Draai die stelmoer los totdat die bobeen beweeg kan word (kyk figuur 4).

4.4.5 Gaan die heupgewrigte dikwels in die aanvangstadiums na. (Dit is noodsaaklik vanweë "inloop-probleme".)



Tek8586/A

Figuur 4


4.5 Kniegewrig

4.5.1 Plaas die bobeen in 'n horisontale posisie.

4.5.2 Monteer die onderbeen.

4.5.3 Draai die stelmoer van die kniegewrig vas met die onderbeen in 'n horisontale posisie.

4.5.4 Draai die stelmoer los totdat die onderbeen beweeg kan word (kyk figuur 5).



Tek8578/A

Figuur 5

4.6 Skouergewrig


4.6.1 Plaas die romp regop.

4.6.2 Monteer die bo-arm sonder die onderarm.

4.6.3 Draai die stelmoere van die skouer vas met die bo-arm in 'n horisontale posisie.

4.6.4 Draai die stelmoere los totdat die bo-arm beweeg kan word (kyk figuur 6).

4.6.5 Gaan die skouergewigte dikwels in die aanvangstadiums na. (Dit is noodsaaklik vanweë "inloop-probleme".)



Figuur 6


4.7 Elmbooggewrig

4.7.1 Plaas die bo-arm in 'n vertikale posisie.

4.7.2 Monteer die onderarm.

4.7.3 Draai die stelmoer van die elmboog vas met die onderarm in 'n horisontale posisie.

4.7.4 Draai die stelmoer los totdat die onderarm beweeg kan word (kyk figuur 7).




Figuur 7

4.8 Lumbale kabel

4.8.1 Sit die bolyf, lumbale werwels, onderlyf, buikinsetsel, kabel en veer aanmekaar.

4.8.2 Draai die kabelstelmoer in die onderlyf vas totdat die veer tot twee derdes van sy onbelaste lengte saamgedruk is (kyk figuur 8).



Tek8577/A

Figuur 8

4.9 Kalibrering van die buikinsetsel

4.9.1 Algemeen

4.9.1.1 Voer die kalibrering deur middel van 'n geskikte belasmassien uit.


4.9.2 Plaas die buikinsetsel op 'n onbuigsame blok wat net so lank en breed as die lumbale werwelkolom is. Maak seker dat hierdie blok minstens twee maal so dik as die lumbale werwelkolom is (kyk figuur 9).

4.9.3 Lê 'n aanvanklike las van 20 N op.

4.9.4 Lê 'n konstante las van 50 N op.

4.9.5 Maak seker dat die defleksie van die buikinsetsel ná 2 minute onder die konstante las soos volg is:

- 11,5 mm \pm 2,0 mm in die geval van die 9-maande-pop;
- 11,5 mm \pm 2,0 mm in die geval van die 3-jaar-pop;
- 13,0 mm \pm 2,0 mm in die geval van die 6-jaar-pop; en
- 13,0 mm \pm 2,0 mm in die geval van die 10-jaar-pop.



Figuur 9

Tek8585/A

5 Instrumentasie

5.1 Algemeen

5.1.1 Die kalibreer- en meetprosedures moet op 'n geskikte prosedure gebaseer wees (kyk OPM by klousule 2 van byvoegsel 7 van hierdie spesifikasie).

5.2 Installering van die versnellingsmeter in die bors

Monteer die versnellingsmeter in die beskermde holte in die bors.

5.3 Aanduiding van buikindringing


5.3.1 Plak 'n monster modelleerklei met dun kleefband vertikaal op die voorkant van die lumbale werwels vas.

5.3.2 Let daarop dat defleksie van die modelleerklei nie noodwendig beteken dat indringing plaasgevind het nie.

5.3.3 Die modelleerleimonsters moet dieselfde lengte en breedte as die lumbale werwelkolom hê; die monsters moet $25 \text{ mm} \pm 2 \text{ mm}$ dik wees.

5.3.4 Gebruik slegs die modelleerklei wat saam met die toetspoppe verskaf word.

5.3.5 Maak seker dat die temperatuur van die modelleerklei tydens die toets $30^\circ\text{C} \pm 5^\circ\text{C}$ is.

Byvoegsel 8 — Aanhangel**Uitskuifaansig van die toetspop**

1	2	3
Deelno	Beskrywing	Getal
1	Kop	1
2	Nekelemente	5
3	Nekkelemente (poliamied)	6
4	Atlas-aksis-blok	1
5	Monteerblok vir oordraer	1
6	Hegbout vir monteerblok vir oordraer	2
7	Kopbout	1
8	Moer	1
9	Waster	4
10	Bolyf	1
11	Koeël van skouergewrig	2
12	Sokhelfte van skouergewrig	2
13	Stelbout vir skouergewrig	4
14	Veerwaster	4
15	Bo-arm links	1
16	Bo-arm regs	1
17	Voorarm links	1
18	Voorarm regs	1
19	Elmboogskarnierbout	2
20	Elmboogskarniermoer	2
21	Lumbale werwels	5
22	Rugstringkabel	1
23	Onderlyf	1
24	Stelmoer vir nek	1
25	Stelmoer vir lumbale werwels	1
26	Waster	3
27	Veer	1
28	Buikinsetsel	1
29	Koeël van heupgewrig	2
30	Stelmoer van heupgewrig	2
31	Bobeen links	1
32	Bobeen regs	1
33	Onderbeen links	1
34	Onderbeen regs	1
35	Knieskarnierbout	2
36	Knieskarniermoer	2
	Bybehore (nie aangetoon nie)	
37	Modelleerlei	1
38	Baadjie	1
39	Broek	1

Byvoegsel 9

Toets vir slag van voor teen 'n versperring

1 Installasies, prosedure en meetinstrumente

1.1 Toetsterrein

Die toetsgebied moet groot genoeg wees om die aanloopspoor, versperring en tegniese installasies wat vir die toets nodig is, te akkommodeer. Die laaste deel van die spoor moet oor minstens 5 m voor die versperring horisontaal, plat en glad wees.

1.2 Versperring

Die versperring moet uit 'n blok gewapende beton bestaan wat voor minstens 3 m breed en minstens 1,5 m hoog is. Die versperring moet so dik wees dat die massa daarvan minstens 70 000 kg is. Die voorvlak moet vertikaal en loodreg op die as van die aanloopspoor wees en moet bedek wees met laaghoutplanke wat $20 \text{ mm} \pm 1 \text{ mm}$ dik en in 'n goeie toestand is. Die versperring moet óf in die grond veranker wees óf op die grond geplaas wees met, indien nodig, bykomende stuiters om verskuiwing daarvan te beperk. 'n Versperring met ander eienskappe maar wat resultate lewer wat minstens net so afdoende is, kan ook gebruik word.

1.3 Voortbeweging van die voertuig

Op die slagmoment moet die voertuig nie meer aan die werking van bykomende stuur- of aandryf-toestelle onderhewig wees nie. Dit moet die versperring bereik op 'n baan wat loodreg op die voorvlak van die versperring is; die maksimum laterale wanrigting wat tussen die vertikale mediaanlyn van die voorkant van die voertuig en die vertikale mediaanlyn van die versperring toegelaat word, is $\pm 300 \text{ mm}$.

1.4 Toestand van die voertuig

1.4.1 Die voertuig wat getoets word, moet óf toegerus wees met al die gewone komponente en toerusting waarvan die massa in die onbelaste diensmassa ingesluit is óf dit moet in so 'n toestand wees dat dit ten opsigte van die komponente en toerusting wat met betrekking tot die passasierskompartement van belang is, asook die verspreiding van die diensmassa van die voertuig in sy geheel, aan hierdie vereiste voldoen.

1.4.2 Indien die voertuig deur eksterne middele aangedryf word, moet die brandstoftenk tot minstens 90 % van sy inhoudsvermoë gevul wees met brandstof of met nievlambare vloeistof waarvan die digtheid en viskositeit so na moontlik ooreenstem met dié van die brandstof wat gewoonlik gebruik word. Alle ander stelsels (remvloeistofhouders, verkoeler, ens) moet leeg wees.

1.4.3 Indien die voertuig deur sy eie enjin aangedryf word, moet die brandstoftenk minstens 90 % vol wees. Alle ander vloeistoftenks moet vol wees.

1.4.4 Indien die fabrikant dit versoek, kan die toetsowerheid wat vir die uitvoer van die toetse verantwoordelik is, toelaat dat dieselfde voertuig wat gebruik is vir toetse wat deur ander spesifikasies voorgeskryf word (met inbegrip van toetse wat 'n uitwerking op die struktuur daarvan kan hê), gebruik word vir die toetse wat in hierdie spesifikasie voorgeskryf word.

1.5 Slagspoed

Die slagspoed moet $50 \text{ km/h} \pm \frac{0}{2} \text{ km/h}$ wees. Indien die toets egter teen 'n hoër slagspoed uitgevoer is en die voertuig aan die voorgeskrewe toestande voldoen het, moet daar geag word dat die toets bevredigend is.

1.6 Meetinstrumente

Die instrument wat gebruik word om die spoed genoem in 1.5 hierbo te registreer, moet tot binne 1 % noukeurig kan meet.

Byvoegsel 10

Toetsprosedure vir slag van agter

1 Installasies, prosedures en meetinstrumente

1.1 Toetsterrein

Die toetsgebied moet groot genoeg wees om die aandryfstelsel van die slagstuk te akkommodeer en om vir die verskuiwing van die voertuig na die slag en vir die installering van die toetstoerusting voorsiening te maak. Die deel waarin die voertuig deur die slag getref en verskuif word, moet horisontaal wees. (Die helling moet minder as 3 % wees, oor 'n lengte van 1 m gemeet.)

1.2 Slagstuk

1.2.1 Die slagstuk moet van staal wees en moet 'n onbuigsame konstruksie hê.

1.2.2 Die slagoppervlak moet plat wees en moet minstens 2 500 mm breed en 800 mm hoog wees. Die rande daarvan moet tot 'n krommingsradius van tussen 40 mm en 50 mm gerond wees. Dit moet bekleed wees met 'n laag laaghout wat $20 \text{ mm} \pm 1 \text{ mm}$ dik is.

1.2.3 Op die slagmoment moet daar aan die volgende vereistes voldoen word:

1.2.3.1 Die slagoppervlak moet vertikaal en loodreg wees op die mediaanlangsvlak van die voertuig waarop die slag uitgeoefen word.

1.2.3.2 Die beweegrigting van die slagstuk moet wesenlik horisontaal en parallel met die mediaanlangsvlak wees van die voertuig waarop die slag uitgeoefen word.

1.2.3.3 Die maksimum toelaatbare laterale afwyking tussen die vertikale mediaanlyn van die oppervlak van die slagstuk en die mediaanlangsvlak van die voertuig waarop die slag uitgeoefen word, moet 300 mm wees. Hierbenewens moet die slagoppervlak oor die volle breedte strek van die voertuig waarop die slag uitgeoefen word.

1.2.3.4 Die grondvryhoogte van die onderrand van die slagoppervlak moet $175 \text{ mm} \pm 25 \text{ mm}$ wees.

1.3 Voortbeweging van die slagstuk

Die slagstuk moet óf aan 'n wa (bewegende versperring) bevestig wees óf deel van 'n slinger uitmaak.

1.4 Spesiale bepalings by gebruik van 'n bewegende versperring

1.4.1 Indien die slagstuk deur middel van 'n klemelement aan 'n wa (bewegende versperring) bevestig is, moet die element onbuigsaam wees en moet dit nie deur die slag vervorm kan word nie; die wa moet op die slagmoment vrylik kan beweeg en nie meer aan die werking van die aandryftoestel onderworpe wees nie, en moet 'n snelheid van tussen 30 km/h en 32 km/h hê.

1.4.2 Die gekombineerde massa van die wa en slagstuk moet $1\,100\text{ kg} \pm 20\text{ kg}$ wees.

1.5 Spesiale bepalings by gebruik van 'n slinger

1.5.1 Die afstand tussen die middel van die slagoppervlak en die draai-as van die slinger moet minstens 5 m wees.

1.5.2 Die slagstuk moet vrylik aan onbuigsame arms hang en stewig daaraan bevestig wees. Die slinger wat so gevorm word, moet wesenlik teen vervorming deur die slag bestand wees.

1.5.3 Die slinger moet 'n stuiter bevat om sekondêre slag deur die slagstuk op die toetsvoertuig te verhoed.

1.5.4 Op die slagmoment moet die snelheid van die slagmiddelpunt van die slinger tussen 30 km/h en 32 km/h wees.

1.5.5 Die gereduseerde massa " m_r " by die slagmiddelpunt van die slinger word omskryf as 'n funksie van die totale massa " m ", van die afstand " a^2 " tussen die slagmiddelpunt en die draai-as en van die afstand " l " tussen die swaartepunt en die draai-as, deur middel van die volgende vergelyking:

$$m_r = m \cdot l/a$$

1.5.6 Die gereduseerde massa " m_r " moet $1\,100\text{ kg} \pm 20\text{ kg}$ wees.

1.6 Algemene bepalings met betrekking tot die massa en snelheid van die slagstuk

Indien die toets uitgevoer is teen 'n hoër slagsnelheid as dié wat in 1.4.1 of 1.5.4 (soos toepaslik) van hierdie byvoegsel voorgeskrif word, of met 'n groter massa as dié wat in 1.4.2 of 1.5.6 (soos toepaslik) van hierdie byvoegsel voorgeskrif word, of met 'n hoër snelheid sowel as 'n groter massa as dié wat voorgeskrif is, en die voertuig aan die voorgeskrewe vereistes voldoen het, word daar geag dat die toets bevredigend is.

1.7 Toestand van die voertuig tydens die toets

Die voertuig wat getoets word, moet óf toegerus wees met al die gewone komponente en toerusting waarvan die massa in die onbelaste diensmassa ingesluit is óf dit moet in so 'n toestand wees dat dit ten opsigte van die verspreiding van die diensmassa van die voertuig in sy geheel aan hierdie vereiste voldoen.

1.8 Die volledige voertuig met die kinderkeertoestel volgens die installeringsaanwysings aangebring, moet op 'n harde, plat en gelyk oppervlak geplaas word, met die handrem los en die voertuig uit rat. Meer as een kinderkeertoestel kan in dieselfde slagtoets getoets word.

2) Die afstand " a " is gelyk aan die lengte van die onderhawige sinchrone slinger.

Byvoegsel 11



Bykomende verankerings wat vir die bevestiging van kinderkeertoestelle van die semi-universele kategorie in motorvoertuie vereis word

- 1** Hierdie byvoegsel is slegs van toepassing op die bykomende verankerings vir die bevestiging van kinderkeertoestelle van die "semi-universele" kategorie of aan stawe en ander spesiale items wat gebruik word om kinderkeertoestelle aan die bakwerk te bevestig, of hulle van genoemde SABS 1430-verankerings gebruik maak of nie (kyk 2.14.1 van hierdie spesifikasie).
- 2** Die verankerings moet deur die fabrikant van die kinderkeertoestel in oorleg met die voertuigfabrikant bepaal word en besonderhede moet vir goedkeuring voorgelê word aan die toetsowerheid wat die toetse uitvoer. Die toetsowerheid mag besonderhede wat van die voertuigfabrikant verkry is in ag neem.
- 3** Die fabrikant van die kinderkeertoestel moet die nodige onderdele vir die aanbring van die verankerings verskaf, asook 'n spesiale plan vir elke voertuig, waarop die presiese posisie daarvan aangetoon word.
- 4** Die gebruiker is verantwoordelik vir die aanbring van die verankerings in die voertuig in ooreenstemming met die aanwysings wat die fabrikant van die kinderkeertoestel verstrek.

Byvoegsel 12**Stoel**

Afmetings in millimeter

Bevestiging van skouerbande




Laagste punt op sitplek


Byvoegsel 13

Standaardsitplekgordel

- 1** Die sitplekgordel moet gemaak wees volgens die konfigurasie wat in figuur 1 aangetoon word en moet sonder voorkondisionering aan die vereistes van die dinamiese toets van genoemde SABS 1080 (kyk 7.2.1.1 van hierdie spesifikasie) voldoen.
- 2** Die breedte van die bande onder 'n las van 8,8 kN moet minstens $48 \text{ mm} \pm 2 \text{ mm}$ wees.
- 3** Die verlenging van die bande onder 'n verdere las van 8,8 kN ná 'n voorbelasting van 0,2 kN moet $(12 \pm 1) \%$ wees.
- 4** Die verlenging van die bande onder 'n verdere las van 5,5 kN ná 'n voorbelasting van 0,2 kN moet $(6 \pm 1) \%$ wees.
- 5** Indien nodig, kan 'n tweepuntstandaardgordel wat bestaan uit twee standaardverankeringsplate (soos in figuur 2 van hierdie byvoegsel aangetoon word) en 'n band gebruik word wat aan bogenoemde vereistes voldoen. Hierdie sitplekgordel moet sonder voorkondisionering aan die vereistes van die dinamiese toets van genoemde SABS 1080 voldoen (kyk 7.2.1.1 van hierdie spesifikasie).






* Ten einde die risiko dat die webband by die tongposisie gesny word, te verlaag.





Figuur 1 – Standaardgordelkonfigurasie

Afmetings in millimeter



Figuur 2 – Tipiese standaardverankeringsplaat



Figuur 3 – Middelste deel van die standaardgordelconfiguratie

Byvoegsel 14

Beskrywing van "pasgebore" toetspop

Die toetspop bestaan uit 'n kop, romp, arms en bene as 'n enkele eenheid. Die romp, arms en bene is 'n enkele vormstuk van sorbotaantipe materiaal wat met 'n PVC-vel bedek is en 'n staalrugstring bevat. Die kop is 'n poliuretaanskuimvormstuk wat met 'n PVC-vel bedek is en permanent aan die romp bevestig is. Die toetspop is van 'n styfpassende rekkatoen/poliësterpak voorsien.

Die afmetings en massaverspreiding van die toetspop is op dié van 'n pasgebore baba van die 50ste persentiel gebaseer en word in tabel 1 en 2 en in figuur 1 aangegee.

Tabel 1 – Hoofafmetings van die "pasgebore" toetspop

1	2	3	1	2	3
	Afmetings	mm		Afmetings	mm
A	Romp – Kroon	250	F	Borsbreedte	105
B	Romp – Sool (met reguit been)	105	G	Borsdiepte	100
C	Kopbreedte	125	H	Heupbreedte	105
D	Kopdiepte	150	I	C van G van bokant na kop	235
E	Skouerbreedte				

Tabel 2 – Massaverspreiding van die "pasgebore" toetspop*

1	2
Kop en nek	0,7 kg
Romp	1,1 kg
Arms	0,5 kg
Bene	1,1 kg
Total mass	3,4 kg
* Die dikte van die PVC-vel moet 1 mm + 0,5 mm wees en relatiewe digtheid moet 0,865 mm ± 0,1 mm wees.	

Kalibrering van "pasgebore" toetspop

1 Skouerstyfheid

1.1 Plaas die toetspop op sy rug op 'n horisontale oppervlak en steun die romp aan een kant om beweging te verhoed (kyk figuur 2).

1.2 Lê 'n las van 150 N horisontaal op 'n platvlakplunjer met 'n diameter van 40 mm op in 'n rigting loodreg op die toetspop se bo-na-onder-as. Die as van die plunjer moet in die middel van die toetspop se skouer en langs punt A op die skouer wees (kyk figuur 2). Die sydelingse defleksie van die plunjer van die punt van eerste kontak met die arm moet tussen 30 mm en 50 mm wees.

1.3 Herhaal op die teenoorgestelde skouer – steun die ander kant.

2 Beengewrigstyfheid


2.1 Plaas die toetspop op sy rug op 'n horisontale vlak (kyk figuur 3) en bind die twee onderbene saam, met die binnekant van die knieë teenmekaar.

2.2 Lê 'n vertikale las met 'n platvlakplunjer van 35 mm x 95 mm oor die knieë op met die hartlyn van die plunjer oor die hoogste punt van die knieë.


2.3 Wend voldoende krag op die plunjer aan om die heupe te buig totdat die vlak van die plunjer 85 mm bo die steunvlak is. Die krag moet tussen 30 N en 70 N wees. Maak seker dat die onderste ledemate tydens die toets nie met enige oppervlak in aanraking kom nie.

3 Temperatuur


Kalibrering moet by 'n temperatuur tussen 15 °C en 30 °C uitgevoer word.



Figuur 1



Figuur 2



Figuur 3

Byvoegsel 15

Verduidelikende aantekeninge

Die verduidelikende aantekeninge in hierdie byvoegsel het betrekking op vertolkingsprobleme en is as riglyn vir die toetsowerheid bedoel.

Onderafdeling 2.19.2: 'n Semi-universele keertoestel wat vir aanbring op die agterste sitplek van 'n voertuig van die sedantipe en van die stasiewatipe gespesifiseer word waarin die hele gordelsamestel identies is, is een "tipe".

Onderafdeling 2.19.3: Die betekenis van veranderings in afmetings of massa (of albei) van die sitplek, stoffeersel of slagskerm en die energieabsorberende eienskappe of kleur van die materiaal moet in aanmerking geneem word by die bepaling of 'n nuwe tipe geskep is.

Onderafdeling 2.19.4 en 2.19.5: Hierdie onderafdelings geld nie vir veiligheidsgordels wat afsonderlik volgens SABS 1080 goedgekeur is en wat nodig is om die kinderkeertoestel aan die voertuig te veranker of die kind te hou nie.

Onderafdeling 6.2.4: Dit moet beoordeel word deur ondersoek van die hoëspoedfilmresultate waarby sigbare indringing van die buik deur enige deel van die keertoestel of opgly van 'n skootband na die bors faling uitmaak. (Draai van die toetspop uit die skouerband voor die punt van maksimum verplasing moet op sigself ook as faling beskou word, maar op versoek van die fabrikant kan nog twee toetse met die toepaslike toetspop uitgevoer word. Daar moet tydens hierdie toetse ten volle aan alle toetsvereistes voldoen word.)

Onderafdeling 7.1.4.3.1: "Sigbare teken van indringing" beteken indringing in die klei deur die buik-insetsel (onder druk van die keertoestel) maar nie buiging van die klei sonder samedrukking in 'n horisontale rigting, wat byvoorbeeld deur eenvoudige buiging van die rugstring teweeggebring word nie. (Kyk ook die vertolking van 6.2.4.)

Onderafdeling 7.2.1.5: Daar word aan die eerste sin voldoen indien die hand van die toetspop aan die gespe kan raak.

Onderafdeling 7.2.2.1: Dit moet gebruik word om te verseker dat afsonderlik goedgekeurde leibande maklik aangeheg of losgemaak kan word.

Onderafdeling 7.2.4.1.1: Twee bande word vereis. Meet die breeklas van die eerste band. Meet die breedte van die tweede band by 75 % van hierdie las.

Onderafdeling 8.1.2.2: "Aan die sitplek bevestig" beteken die toetssitplek wat in byvoegsel 6 voorgeskryf word. "Spesifieke voertuig" beteken dat 'n "spesifieke" keertoestel normaalweg vir omgooi getoets sou word as dit in die toetssitplek geïnstalleer is, maar dat toetse in die sitplek van die voertuig toegelaat is.

Onderafdeling 8.2.2.1.1: "Met inagneming van die normale gebruikstoestande" beteken dat hierdie toets uitgevoer moet word met die keertoestel op die toetssitplek of voertuigsitplek gemonteer, maar sonder die toetspop.

Die toetspop moet slegs gebruik word om die versteller in posisie te plaas. In die eerste geval moet die bande volgens 8.1.3.6.3.2 of 8.1.3.6.3.3 (wat ook al toepaslik is) verstel word. Die toets moet dan na verwydering van die toetspop uitgevoer word.

Onderafdeling 8.2.5.2.6: Hierdie onderafdeling geld nie vir leibande wat afsonderlik volgens hierdie spesifikasie goedgekeur is nie.

No. R. 643

2 May 1997

STANDARDS ACT, 1993

REGULATIONS RELATING TO THE PAYMENT OF LEVY AND THE ISSUE OF SALES PERMITS IN REGARD TO
COMPULSORY SPECIFICATIONS: AMENDMENT

It is made known under section 37 of the Standards Act, 1993 (Act No. 29 of 1993), that the Minister of Trade and Industry hereby, with effect from 1 January 1997, amends Schedule 2 of the Regulations published by Government Notice No. R. 999 of 3 May 1985 by the deletion of the existing tariffs for food products, and the substitution thereof of the tariffs set out in the Schedule:

SCHEDULE

Commodity	Levy unit	Tariff per unit, R
Canned abalone	1 000 kg	250,00
Canned crustaceans	1 000 kg	185,00
Canned fish and canned fish products (other than fish paste)	1 000 kg	210,00 for 1st two units 190,00 for 3rd to 12th unit 59,00 for 13th to 62nd unit 20,30 for 63rd to 562nd unit 17,00 for 563rd to 5 562nd unit 15,50 for 5 563rd to 20 562nd unit 8,40 for each subsequent unit
Canned marine molluscs (other than abalone)	1 000 kg	185,00
Canned meat and canned meat products	1 000 kg	210,00 for 1st two units 190,00 for 3rd to 12th unit 57,00 for 13th to 62nd unit 54,00 for 63rd to 1 000th unit 29,80 for 1 001st to 3 000th unit 19,40 for each subsequent unit
Fish paste	1 000 kg	37,00
Frozen cephalopods	1 000 kg	210,00 for 1st two units 170,00 for 3rd to 12th unit 40,00 for 13th to 62nd unit 24,50 for each subsequent unit
Frozen crabs	1 000 kg	36,00
Frozen fish and frozen fish products:		
Finally processed	1 000 kg	210,00 for 1st two units 170,00 for 3rd to 12th unit 30,00 for 13th to 62nd unit 10,75 for 63rd to 562nd unit 7,00 for 563rd to 2 562nd unit 5,05 for 2 563rd to 7 562nd unit 2,45 for each subsequent unit
For further processing	1 000 kg	126,00 for 1st two units 102,00 for 3rd to 12th unit 18,00 for 13th to 62nd unit 6,45 for 63rd to 562nd unit 4,20 for 563rd to 2 562nd unit 3,03 for 2 563rd to 7 562nd unit 1,47 for each subsequent unit
Frozen langoustines	1 000 kg	89,00

Commodity	Levy unit	Tariff per unit, R
Frozen marine molluscs and frozen marine mollusc products (other than mussels)	1 000 kg	185,00
Frozen mussels	1 000 kg	70,00
Frozen prawns	1 000 kg	260,00 for 1st two units 210,00 for 3rd to 12th unit 70,00 for each subsequent unit
Frozen rock lobster:		
Frozen whole rock lobster, cooked and uncooked	30 kg	70,00 for 1st 10 units 2,70 for each subsequent unit
Frozen rock lobster leg and breast meat	10 kg	2,25
Frozen rock lobster tails	10 kg	70,00 for 1st 10 units 2,70 for each subsequent unit
Smoked snoek	1 000 kg	54,00

No. R. 643

2 Mei 1997

WET OP STANDAARDE, 1993

REGULASIES BETREFFENDE DIE BETALING VAN HEFFING EN DIE UITREIKING VAN VERKOOPSPERMITE TEN OPSIGTE VAN VERPLIGTE SPESIFIKASIES: WYSIGINGS

Daar word kragtens artikel 37 van die Wet op Standaard, 1993 (Wet No. 29 van 1993), bekendgemaak dat die Minister van Handel en Nywerheid, Bylae 2 van die Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 999 van 3 Mei 1985 hierby met ingang van 1 Januarie 1997 wysig deur die bestaande tariewe vir voedselprodukte te skrap en deur die tariewe in die Bylae uiteengesit te vervang.

BYLAE

Kommoditeit	Heffingseenheid	Tarief per eenheid R
Bevrore garnale	1 000 kg	260,00 vir 1ste twee eenhede 210,00 vir 3de tot 12de eenheid 70,00 vir elke daaropvolgende eenheid
Bevrore koppotiges	1 000 kg	210,00 vir 1ste twee eenhede 170,00 vir 3de tot 12de eenheid 40,00 vir 13de tot 62ste eenheid 24,50 vir elke daaropvolgende eenheid
Bevrore krappe	1 000 kg	36,00
Bevrore kreef:		
Bevrore heerkreef, gekook en ongekok	30 kg	70,00 vir 1ste 10 eenhede 2,70 vir elke daaropvolgende eenheid
Bevrore kreefpootvleis en kreefborsvleis	10 kg	2,25
Bevrore kreefsterte	10 kg	70,00 vir 1ste 10 eenhede 2,70 vir elke daaropvolgende eenheid
Bevrore langoestiene	1 000 kg	89,00
Bevrore mossels	1 000 kg	70,00
Bevrore seeskulpdiere en produkte van bevrore seeskulpdiere (uitgesonderd mossels)	1 000 kg	185,00

Kommoditeit	Heffingseenheid	Tarief per eenheid R
Bevrore vis en bevrore visprodukte:		
Finaal verwerk	1 000 kg	210,00 vir 1ste twee eenhede 170,00 vir 3de tot 12de eenheid 30,00 vir 13de tot 62ste eenheid 10,75 vir 63ste tot 562ste eenheid 7,00 vir 563ste tot 2 562ste eenheid 5,05 vir 2 563ste tot 7 562ste eenheid 2,45 vir elke daaropvolgende eenheid
Vir verdere verwerking	1 000 kg	126,00 vir 1ste twee eenhede 102,00 vir 3de tot 12de eenheid 18,00 vir 13de tot 62ste eenheid 6,45 vir 63ste tot 562ste eenheid 4,20 vir 563ste tot 2 562ste eenheid 3,03 vir 2 563ste tot 7 562ste eenheid 1,47 vir elke daaropvolgende eenheid
Gerookte snoek	1 000 kg	54,00
Ingemaakte perlemoen	1 000 kg	50,00
Ingemaakte seeskulpdiere (uitgesonderd perlemoen)	1 000 kg	185,00
Ingemaakte skaaldiere	1 000 kg	185,00
Ingemaakte vis en ingemaakte visprodukte (uitgesonderd vissmeer)	1 000 kg	210,00 vir 1ste twee eenhede 190,00 vir 3de tot 12de eenheid 59,00 vir 13de tot 62ste eenheid 20,30 vir 63ste tot 562ste eenheid 17,00 vir 563ste tot 5 562ste eenheid 15,50 vir 5 563ste tot 20 562ste eenheid 8,40 vir elke daaropvolgende eenheid
Ingemaakte vleis en ingemaakte vleisprodukte	1 000 kg	210,00 vir 1ste twee eenhede 190,00 vir 3de tot 12de eenheid 57,00 vir 13de tot 62ste eenheid 54,00 vir 63ste tot 1 000ste eenheid 29,80 vir 1 001ste tot 3 000ste eenheid 19,40 vir elke daaropvolgende eenheid
Vissmeer	1 000 kg	37,00

No. R. 645

2 May 1997

STANDARDS ACT, 1993

PROPOSED AMENDMENT OF THE COMPULSORY SPECIFICATION FOR THE SAFETY OF INCANDESCENT LAMPS

It is hereby made known under section 22 (3) of the Standards Act, 1993 (Act No. 29 of 1993), that the Minister of Trade and Industry intends to amend the compulsory specification for the safety of incandescent lamps, published by Government Notice No. 2791 of 23 November 1990 as set out in the Schedule.

The purport of the amendment to the requirement for safety at the end of the lamp life is to bring the specification in line with the international standard.

Any person who wishes to object to the intention of the Minister to declare this specification compulsory, shall lodge his objection in writing with the President, South African Bureau of Standards, Private Bag X191, Pretoria, 0001, on or before the two (2) months after publication of this notice.

SCHEDULE**AMENDMENT TO THE COMPULSORY SPECIFICATION FOR THE SAFETY OF INCANDESCENT LAMPS****Subsection 3.5 (c)**

Delete the existing text and insert the following:

- (c) in the case of bayonet caps (type B15 and B22), there shall, at the end of the test, not be an internal short-circuit to the shell of the cap.

No. R. 645**2 Mei 1997****WET OP STANDAARDE, 1993****VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR DIE VEILIGHEID VAN GLOEILAMPE**

Hierby word kragtens artikel 22 (3) van die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993), bekendgemaak dat die Minister van Handel en Nywerheid van voorneme is om die verpligte spesifikasie vir die veiligheid van gloeilampe, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 2791 van 23 November 1990 te wysig soos in die Bylae uiteengesit.

Die doel van die wysiging van die vereiste vir veiligheid aan die einde van die lamplewe is om die spesifikasie met die internasionale standaard in ooreenstemming te bring.




Enige persoon wat beswaar wil maak teen die Minister se voorneme om hierdie spesifikasie verplig te verklaar, moet sy skriftelike beswaar voor of op die datum twee (2) maande na publikasie van hierdie kennisgewing indien by die President, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak X191, Pretoria, 0001.

BYLAE**WYSIGING VAN DIE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR DIE VEILIGHEID VAN GLOEILAMPE****Onderafdeling 3.5 (c)**

Skrap die bestaande teks en vervang dit deur die volgende:


- (c) in die geval van bajonetlampvoete (tipe B15 en B22) mag daar nie na die toets 'n interne kortsluiting na die dop van die lampvoet wees nie.

Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?



Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?

Department of Environmental Affairs and Tourism
Departement van Omgewingsake en Toerisme



DON'T

WASTE

It!






WERK

SPAARSAAM

DAARMEE !



Keep South Africa Clean





Throw trash where it belongs

Hou Suid-Afrika Skoon









Gooi rommel waar dit hoort

SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO



**W
E
A
T
H
E
R
·
S
E
R
V
I
C
E
S
·
W
E
E
R
D
I
E
N
S
T
E**





LET YOUR MOUSE DO THE WALKING

Subscribe to our full-text, Electronic Government Gazette and cut hours off the time you spend searching for information. Just point and click and within seconds, you can let your computer do the searching. Data is available within two days after publication and we can now also offer the full-text of the nine provincial gazettes. Contact us today and save time, space and paper.

SABINET
The proven source of information



tel: (012) 663-4954 fax: (012) 663-3543 toll free tel: 0800 11 11 73
e-mail: sabinet@sabinet.co.za www: <http://www.sabinet.co.za>

CONTENTS**INHOUD**

No.		Page No.	Gazette No.	No.		Bladsy No.	Koerant No.
GOVERNMENT NOTICES				GOEWERMENSKENNISGEWINGS			
Agriculture, Department of				Arbeid, Departement van			
<i>Government Notices</i>				<i>Goewermentskennisgewing</i>			
R. 635	Marketing of Agricultural Products Act (47/1996): General levy on maize; and control of the exportation of maize and maize products: Revocation.....	1	17955	R. 638	Manpower Training Act (56/1981): Mining Industry Engineering Trades Training Board: Amendment of Conditions of Apprenticeship.....	3	17955
R. 636	do.: Maize Marketing Scheme: Levy and special levy on maize; and directions relating to the grading and packing of maize: Revocation.....	2	17955	Handel en Nywerheid, Departement van			
Labour, Department of				<i>Goewermentskennisgewings</i>			
<i>Government Notice</i>				R. 642	Wet op Standaarde (29/1993): Wysiging: Verpligte spesifikasie vir kinderkeertoestelle vir gebruik in motorvoertuie.....	76	17955
R. 638	Manpower Training Act (56/1981): Mining Industry Engineering Trades Training Board: Amendment of Conditions of Apprenticeship.....	3	17955	R. 643	do.: Regulasies: Betaling van heffing en die uitreiking van verkoopspermitte ten opsigte van verpligte spesifikasies: Wysiging.....	150	17955
South African Revenue Service				R. 645	Wet op Standaarde (29/1993): Voorgestelde wysigings: Verpligte spesifikasie vir die veiligheid van gloeilampe	152	17955
<i>Government Notice</i>				Landbou, Departement van			
R. 630	Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/352).....	3	17955	<i>Goewermentskennisgewings</i>			
Trade and Industry, Department of				R. 635	Wet op Bemaking van Landbouprodukte (47/1996): Algemene heffing op mielies; en beheer oor die uitvoer van mielies en mielieprodukte: Herroeping.....	2	17955
<i>Government Notices</i>				R. 636	do.: Mieliebemarkingskema: Heffing en spesiale heffing op mielies; en voorskrifte betreffende die gradering en verpakking van mielies: Herroeping.....	2	17955
R. 642	Standards Act (29/1993): Amendment: Compulsory specification for child restraining devices for use in motor vehicles.....	5	17955	Suid-Afrikaanse Inkomstediens			
R. 643	do.: Regulations: Payment of levy and the issue of sales permits in regard to compulsory specifications: Amendment	149	17955	<i>Algemene Kennisgewing</i>			
R. 645	Standards Act (29/1993): Proposed amendment: Compulsory specification for the safety of incandescent lamps.....	151	17955	R. 630	Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/352)....	4	17955